

STROOM-OP

NUUSBLAD VAN DIE AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL EN DIE AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

GLO IN DIE TOEKOMS

Die hoogtepunt van die saalfunksies van die afgelope termyn was ongetwyfeld die besoek van Sy edele, die Minister van Binnelandse Sake en Inligting, dr. Connie Mulder. Dr. Mulder het op sy kenmerkende entoesiastiese wyse 'n inspirerende boodskap aan die Affies gebring. Na die voorbeeld van die Israëli's het dr. Mulder daarop gewys dat ons 'n baie belangrike taak het om te vervul en dat ons aan onself moet glo.

Dr. Mulder het gesê:

"Baie dankie vir die voorreg om hier op te tree voor 'n skare leiers van môre, nie om inspirasie te gee nie, maar om self inspirasie te kry...". begin dr. Mulder. Vanuit die staanspoor het dit duidelik geblyk van watter stoffasie hierdie spreker is. Reeds met sy luimige inleiding het hy homself die onverdeelde aandag van 'n duisend Affies verseker.

Dr. Mulder het vir ons 'n analogie tussen toestande in Suid-Afrika en Israel getrek. Ten spyte daarvan dat Israel geografies baie klein is, het Israel nog altyd sedert die eerste Heilige Oorloë in 1948 daarin geslaag om teen 'n geweldige oormag staande te bly. Op sy onlangse oorsese besoek is hy getref deur die toewyding en beslisheid van die Israëliete. Wat vir hom egter die belangrikste was, is dat hulle nie pessimisties teenoor die toekoms staan nie maar altyd die toekoms met 'n oop gemoed binnegaan.

Hy wil die sukses van die Israëli's aan twee feite toeskryf: Die eerste is 'n onkreukbare patriotisme, die ander 'n onwrikbare geloof. Reeds uit die vroegste geskiedenis het die Israëli's geglo dat dit beter is om as 'n vry man te sterf as om as 'n slaaf voort te leef. Hy het aan ons die bekende verhaal van Masada vertel waar 960 manne meer as twee jaar lank die aanslae van die magtige Romeinse Ryk verduur het. Toe die onvermydelike einde egter onafwendbaar was het hulle besluit om hulle eie lewens te neem, eerder as om die hoon van die Romeine te verdra. Is dit nou nie die geval van die uiterste patriotisme nie?

Tweedens het die Israëliete altyd daardie onwrikbare geloof in homself, en in die Oppermag gehad. Sy hele geskiedenis is

IN MEMORIAM

Op Woensdag 21 Mei 1975 is mnr. I. M. van Rooyen na 'n lang siekbed by sy huis oorlede. Hy is op Vrydag 23 Mei vanuit die Oos-Kerk begrawe.

Deur die dood van mnr. Van Rooyen het sy skool een van die grootste "gentlemen" in sy geskiedenis verloor. Ons skool is 'n man armer wat nie net sy uitstaande kennis van die Engelse taal aan die leerlinge oorgedra het nie, maar hulle ook werklik opgevoed het. Alhoewel sy gesondheid swak was, het hy hierdie taak dag vir dag, 22 jaar lank, onvermoeid voortgesit. Deur die seuns is hierdie man, wat vir almal 'n glimlag en 'n vriendelike woord gehad het, met die grootste respek en liefde bejeen.

Besondere goeie resultate is deur mnr. Van Rooyen se matrikulante gelewer. Een het selfs al sy vakke gedruip maar 'n onderskeiding in Engels behaal. Sulke resultate was vir mnr. Van Rooyen genoeg beloning en hy het dieselfde nederige mens gebly — bewus waar sy krag vandaan kom.

Ons bring hulde aan 'n goeie en toegewyde onderwyser — een van Affies se grootste "gentlemen".

kenmerkend hiervan. Hy wag egter nie dat 'n wonderwerk gebeur nie — hy sit self skouer aan die wiel!

Wat hy oor die Israëlië gesê het, wil hy ook op ons van toepassing maak, sê dr. Mulder. Dit is met kommer dat hy die pessimisme oor die toekoms by ons Suid-Afrikaners merk. Hy vind dit ontstellend dat daar twyfel oor ons toekoms en voortbestaan kan wees.

Wat hy by ons wil sien, is dieselfde blinde vaderlandsliefde. Elke Suid-Afrikaner moet bereid wees om te veg vir dit waarin hy glo. Dit is wanneer 'n volk nie meer veg nie dat hy ten gronde gaan.

Toe Maak Ons Maar Weer so

Die jaarlikse Boeresport byeenkoms wat in samewerking met die seunskool aangebied is, was weer eens 'n sosiale hoogtepunt van die termyn. Hierdie byeenkoms wat ter viering van Republiekdag aangebied word was net soos die vorige twee jare 'n groot sukses.

Verskeie onvoorsiene gebeurlikhede, binne die matrieks se beheer, het plaasgevind. So het die matriekmeisies wat aan die hindernisries deelgeneem het gou genoeg agter gekom. Op die ou einde was hulle 'n groter hindernis vir mekaar as wat die baan was. Die eiergegoi was ook 'n baie taai besigheid. 'n Paar grampmakers het 'n paar eiers gekraak en sommige doodeenvoudig net met vrottes vervang. (Soos die een wat Sakkie van Heerden op die pawiljoen teen die kop getref het). Die amusantste gebeurlikheid was sekerlik toe een meisieklas hul ent van die touthek tou aan die rugbypale vasgeknoop het. Hulle opponente het omtrent vir tien minute getrek dat hulle blou word voordat hulle onraad gemerk het. Maar nou ja alles is toelaatbaar op 'n Boeresport.

Die dag is afgesluit met 'n hokkie wedstryd tussen die matrieks van die seunskool en die eerste span van die meisieskool. Hierdie merkwaardige wedstryd wat in 'n baie goeie gees gespeel is, is uiteindelik deur die seuns met drie doele teen nul gewen.


Dr. C. P. Mulder
aan die woord



Hy sluit af deur te sê dat hy nie pessimisties oor die toekoms is nie. Hy sien nie probleme vir Suid-Afrika nie — slegs uitdagings, uitdagings wat ons sal moet aanvaar om die stryd vir volk en vaderland te wen. Moet nooit dink dat jy iets nie kan regkry nie, was sy boodskap. Ons moet glo in onself, in ons Almagtige Vader. Doen vandag die klein dingetjies wat miskien vir jou nictig en onbelangrik lyk en die groot geheel sal eendag 'n sukses wees.

Selde tevore het 'n spreker in die saal só die aandag van die gehoor vasgevang. Dit was voorwaar 'n toespraak met 'n boodskap, met 'n uitdaging aan elkeen van ons.

MNR. TEICHLER REEDS INGEBURGER



Mnr. M. G. Teichler

Sedert mnr. Teichler die eerste dag van die tweede termyn hier by Affies ingestap het, het hy reeds uitstekend by ons Affiepatroon aangepas. As nuweling op die Afrikaanse Hoër Seunskool het ons nuwe adjunk-hoof klaar 'n paar duidelike diep spore op ons bodem getrap.

Baie dankie vir die voorbeeld wat u op alle terreine aan die Affies stel. Die nuwe handboeke is slegs een van die baie sake wat hy reeds in sy kort verblyf hier op Affies hanteer het. Mnr. Teichler is klaar 'n ware Affie in murg en been. In die kantoor en op die sportveld is die manne verseker van mnr. Teichler se warme belangstelling.

My indrukke

Nadat ek nou bykans 'n termyn aan hierdie skool verbonde is, wil ek graag my eerste indrukke in 'n paar sinne probeer saamvat:

Ek het my aanstelling ontvang as adjunk-hoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool. Dit het egter baie gou vir my duidelik geword dat ek my op "Affies" bevind, 'n skool met heeltemal 'n eie identiteit, gekenmerk deur 'n tradisie wat in baie jare opgebou is en waaroor daar met trots gewaak word deur die prefekteraad, senior leerlinge, oud-leerlinge en onderwysers.

Iets wat 'n mens onmiddellik tref is die lojaliteit van leerlinge en onderwysers aan hierdie leerlinge dié mooi gesindheid te bespeur, dat hulle werklik

middele en weë probeer bedink waarmee hulle die gees en die saak van die skool op alle terreine probeer bevorder.

Affies is een van die bekendste skole van ons land. Een van die redes hiervoor is dat die oergemeenskap gewillig is om onbaatsugtig diens te lewer, om alle bedrywighede van die skool te dra deur hulle belangstelling. Affies is 'n gesogte skool. Ouers doen moeite om hulle seuns hier te kan inskryf ter wille van dit wat hierdie skool vir hulle bied.

Affies is 'n skool wat op alle terreine presteer, sonder dat daar op enige gebied gespesialiseer word:

Op beskeie wyse word die hoogste prestasies op akademiese vlak gelewer.

Die gehalte van die tennis aan hierdie skool is ongeëwenaard in ons land.

Affies is by uitstek 'n rugbyskool. Hier word rugby van 'n hoë gehalte gespeel, maar hier weet ons ook hoe om op waardige wyse te verloor.

Benewens bogenoemde sportsoorte word daar ook reuse prestasies gelewer op 'n wye terrein van ander sportsoorte soos atletiek, swem en nog vele meer, waar daar deur ons seuns provinsiale kleure verwerf word, 'n oorsese reis en nog baie ander prestasies.

Ook op kultuurgebied word 'n hoë standaard daargestel. Daar is die debatsaande in samewerking met Meisies Hoër, die hoë standaard wat ons redenaars, skaakspelers en toneelspelers stel. Besondere vermelding verdien ons saalfunksies, waar nie alleen die Skepper gedien word nie, maar waar daar deur leerling-inisiatief funksies gereël word wat die mens aangryp en wat die lig van ons Afrikanersaak laat hoog brand in die ware tradisie van ons skool se leuse: "Laat daar lig wees!"

Affies beskik oor 'n span onderwysers wat nie maar 'n vak doseer nie, maar wat ook opreg persoonlik belang stel in ons seuns. Hier is baie manne en vrouens wat van hulle werk op Affies 'n lewenstaak gemaak het. Uit so 'n gesindheid spruit die gesonde verhouding wat daar tussen onderwyser en leerling heers.

Ek wil graag saamvat deur te konstateer dat dit nie alleen 'n voorreg is om aan Affies verbonde te wees nie, maar dit is ook 'n belewenis. Saam met 'n Steve Templin van Amerika wil ek met entoesiasme betuig: "eenmaal 'n Affie! Altyd 'n Affie!"

M. G. TEICHLER

"KOUS" OOR DIE KOP!



BRAVO, DIE EKSAMEN IS VERBY!!

Só was die Eksamenkamer

Die arme afnekehoenders was in komberse en sakke mark toe gebring om te voorkom dat hulle vere nie in die oggendkoue stokstyf moes word nie.

Markplein op 'n mistige oggend ruik maar altyd dieselfde: houtsaagsels, smeulende kole, slaggoed, vrot vrugte op 'n komposhoop, maar tog, die vleiene aroma van vars blomme lewe tussen die . . . die ander dinge.

'n Geskarrel van moeë gesigte, sak oë, pap monde, vuil hare in die nou gange. 'n Gekreun as hulle stamp, 'n gekners van tande vir 'n "jammer". 'n Hoender in die pad, langs die pad, in jou pad — skop, vere, stof, vere, hoender, vere; — ek is jammer, maar ek het jou nie herken nie. Was dit . . . ?

Die naderende, groeiende, bulderende trompetgeskal druis in ons ore. 'n Geskarrel na jou stalletjie: vere, saagsels, oë, laaste kans . . . Adel wys sy lyf voor die onderdane: buig, swyg . . . stilte.

Roep vir 'n nuwe dag, nuwe hoop, nuwe verwagtinge, bekende God. Die adel stap weg en "voorspoed" hang nog in die lug.

'n Idiomatiese lewensverhaal

Jan het gesê hy sal goed en bloed opoffer vir sy dierbare ou aanstaande Sarie, maar haastig trou, bring gou berou. Die bruid was ook net in die skuit, toe is al die mooipraatjies uit en nou staan Jan onder die pantoffelregering. Die ergste was egter dat, al is 'n skoonmoeder hoe gesuiker, bly sy maar suur. Hy kom toe boonop agter dat as die kos koud word, word die vrou warm. Jan sit toe sy keteltjie by 'n ander se vuur, gooi die kind met die badwater weg en krap in 'n ander man se slaai.

Elke haan is egter koning op sy eie mishoop en Jan besef toe hy het die verkeerde perd opgeklim, want as dié ou horings gehad het, was hy 'n buffel. Jan laat toe ook nie gras onder sy voete groei nie en is vinniger by die agterdeur uit as wat hy by die voordeur ingekom het.

Sarie lees hom toe die Tien Gebooe voor, sê vir hom hy is ook net man omdat hy broek dra en net goed om die dood te gaan haal. Hy is vol barste en kwaste en niemand om sonder handskoene aan te pak nie en sal ook seker 'n goeie man word in die jaar nul as die hingste vul.

Arme Jan kom toe met die hoed in die hand en buig die knie voor Baal. Hy sê toe hy voel nou soos 'n vreemdeling in Jerusalem, sy linkerhand het nie gewet wat sy regterhand doen nie en hy sal nou maar Gods water oor Gods akker laat loop, sy lier aan die wilger ophang en van nou af 'n man uit een stuk wees.

Probeer is die beste geweer en hulle lewe nou saam soos winkel en koljander. ('and they lived happily ever after').

H.D.W.

BEAD CENTRE

Your Exclusive

Junk Shop!!

2 Steyns Arcade
Schoeman Street

POSTER CAVE

Your JUNKY

POSTER SHOP!

Steyns Aracde
Schoeman Street

Die aarde kruip al nader aan die Son; die son draai die klok. Die saagsels verblyk en stink in die son. Die son maak lewe, maak sleg, verlep, vergaan . . .

Die troebadoers vertel, reis verder; afnek hoenders hang stert in die lug, wag vir 'n hoë bod; hase se ore hang slap teen die priemel; honde steel stringe wors en kom weg daarmee; slagters met rooi wange; rooi neuse, rooi hare en rooi oë hardloop met 'n geskel op hul tonge die gange af.

Die vrouens kom. Die vrouens gaan. Hulle snoep en koop en skel en skinder en lag en huil en verlaat.

Die son is bo, die skadu's klein. Saagsels in die gange word opgevee. Mense is moeg — hulle keer terug na hulle tuistes — siësta.

Manāna. Manāna is nog 'n daa.

HELOISE HENNING
★
OMKEER

Voor jou kon ek hardop lag oor niks kon ek sinnelose gesprekke met myself voer terwyl die Jakarandas hulleself onopgemerk doodbloei

Maar nou het die bloeisels 'n dieper pienk staan ek stil om die gras te hoor groei en die nat aarde te ruik om die reëndruppels se silwer op my tong te proe

En om my inniger wêreld in jou oë te sien.

ALIDA THERON



★

"VAARWEL"

Jy het gesê
Dat jy nou weggaan
en ek
is
alleen
soos 'n voël in sy eensame vlug
stryend teen die swiepende wind
beurend deur die onweerswolke
steeds alleen
'n Arend val my aan
ek daal
na
'n
moeras
Alleen en spartelend
sterwend
die son daal
en
eensaamheid vou om my
ek
alleen
êrens is jy . . .
waar?

REKORD—75

Omdat 1975 geblyk het die jaar van alle jare, wat uiterstes betref, te wees, het ons besluit om jaarliks 'n verslag van alle rekords in Stroom-op te publiseer, wat in Affieland opgestel of verbeter is.

1. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die bestaan van Meisieshoër word die Rekordeksamen vir 'n hele week uitgestel!!
2. Hierdie jaar se matrieksertifikaat is die duurste ooit!
3. Skoene met die hoogste hakke ooit is deur ons dirigente gedra (op drie byeenkomste).
4. Mej. Du Plooy en mej. Van Graan is getroud!! (Juffrou Holtzhausen . . .?)
5. Dit was die natste, koudste Pilditch-atletiekbyeenkoms ooit en die blou dirigente het mooi by hulle uitrustings gepas!
6. Dit was die eerste atletiekbyeenkoms op Pilditch gehou SONDER SEUNS! (en ons hoor die broers het só geprostesteer!?)
7. Hendrine dra al haar das, geknoop met dieselfde knoop, wat sy in stander ses gemaak het, vir vyf jaar. (dit is nie 'n "clip-on" das nie, maar 'n "slip-on")
8. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Boeresport in Suid-Afrika help 'n rugbypaal trek in 'n touthousterkompetisie.
9. Meisieshoër wen nie alleen die Pretoriase Toneelfees nie maar lewer ook die beste aktrise.

Hierdie rekords is tot op datum opgestel en . . .
As daar dalk enige ander rekords opgestel is waarvan ons nie bewus is nie sal ons dit waardeer as u ons daarvan verwittig.

H.D.W.

HEIMAT

Vir LEERBAADJIES EN JASSE
(vir dames sowel as mans)

ook SKAAPVELBAADJIES, PANTOFFELS,
KARSITPLEKKE, MOFFIES EN MUSSE.

Steynsdeurloop 16
Schoemanstraat

Foon: 3-1499

Koshuismatrieks Lug Hul Mening

Mej. Geldenhuys:
spekulerend, koud, loerend
soek mej. Geldenhuysen
loerend of ons reëls oorskry
een gelen straffenboeken
lê skeef, gepunt, reg op my!

Riana:

Word wakker!
geruis gedurende studie word nie
geduld.
Jou naam okkupeer alweer 'n
lyn.

Odé:

Krap letters uit
letters met 'n "T"
uit haar oë straal 'n liefdeskyk
vir name wat begin met "T".

Christine:

is dit alweer dedicated poultry
doe us a favour
en dedicate yourself na jou
studies.

Suzelle:

Zoëy snip: —
as jy jou wêreld strip

dan gooi ons jou met 'n klip.

Acilia:

Vra-ma, kla-ma
pla-ma, kra-ma
Ada sê:
dis melodra-ma

Lise S.:

My liewe kind
wil jy in 'n sloot beland?
sit weg daardie boek
bestudeer eerder die geskiedenis
van jou land.

Martie:

Sol-doedie, sol-doedie

Elfrie:

jou oulike ding
ons hoop die army dissipline
sal aan jul geluk bring.

Laetitea:

Kaaskoppie, kaaskoppie my love
jou bewonderaar sal altyd wag
drome droom en lewe vir
diakenbanke
tot daardie wonderlike dag.

Riekie:

Cat Stevens, Cat Stevens
my life is to you
I can't keep it in
So Riekie lets it out.

Helene:

swot jy regtig?
Ons glo dit nie
dis een van die min
met verantwoordelikeidsin.

Elsie:

Swot al die hele aand
Die Woordeboek van die
Afrikaanse Taal
Om mev. Pienaar te beïndruk
toemaar, kennis sal jou altyd
faal.

Sandra:

sit met haar NEUS in haar boeke
en haar siel op die sokkerveld
my kind, jy sal moet leer
om jou kennis te laat geld

Jo:

Pak een kunsboek
op die ander neer
en werp haar kunssinnig tussen
boek en skets
met die gesnork van 'n beer.

Gerda:

Het reeds besluit: —
Sy sal aan consumption sterwe
alle komponiste doen dit tog
sy sal daarmee beroemdheid
erwe

Frieda:

konsentreer net op hokkie
arrive met die exams in haar
frokkie
úúre te laat
dus, maak sy die onnies kwaad.

Anina:

Wiskunde, Rekenaarswetenskap
Skeikunde, Natuurkunde
Rekenkunde — you name it;
she has it!

Adelaid:

Dis: Vergilius, Ovidius, Livius,
Caesar

Trinika:

Hannibal in Italië
Ha! Hulle sit met hul hande in
haar hare!

Petro:

eet haar maag vol

Lise Westcott:

se sening wees is kronies op hol
wie sal hul kan genees sonder
om Bêrend te vrees?

Mej. Hönck:

m.a.w. geagte leser
we are creating a generation
with minds of mud
nou wat sal gebeur met die
volgende een?
they'll only be cement

JOLANTE HESSE ST. 10D

BROOKLYN BOOKS AND GIFTS

Specialize in STATIONERY, TOYS AND GIFTS

417b Vatica Centre
Brooklyn Circle

Met komplimente van

Gertie Sacks Modes

Brooklyn's leading fashion house

Vir vriendelike en flinke diens

78-4885

Afrikaans is soos n rugbybal

Van al die funksies wat die Afrikaanse Hoër Seunskool hierdie termyn aangebied het was die Taalfeesviering seer sekerlik die treffendste, en beslis 'n hoogtepunt wat ons saalfunksies aan betref. Die inisiatief is geneem deur mnr. Bosman wat in samewerking met 'n groepie matrikulante die hele program aangebied het.

Die verrigtinge het op Woensdag 16 Julie in die Gert J. Potgietersaal om 11h00 in aanvang geneem. Die ere-gaste by hierdie geleentheid was mnr. Steven Eyssen en Coenie Rudolf. Mnr. Rudolf het dan ook as gasspreker by hierdie geleentheid opgetree. Die 85-jarige mnr. Eyssen 'n voormalige personeellid van ons skool is 'n oud stryder vir Afrikaans wat baie daartoe bygedra het dat Afrikaans vandag as 'n volwaardige taal bestaan. Ongelukkig kon mnr. Eyssen nie self aktief aan die verrigtinge deelneem nie weens ongesteldheid.

man te luister wat met sy taal kan speel, wat die taal as instrument gebruik om lieflike gedagtes op te tower. Hy stel dit dan ook dat die taal 'n wonderlike speelding is: Hy vergelyk die Afrikaanse taal met 'n rugbybal. Net soos 'n rugby bal uniek is in die opsig dat hy die enigste bal is wat nie rond is nie, net so is Afrikaans 'n taal enig in sy soort.

In rugby is die besit van die bal hoofsaak, net so met die taal want dan eers kan die taal na regte gebruik word en die eintlike diepte en waarde daarvan na regte bepaal word. Mnr. Rudolf wys ons daarop dat ons

eendstert en baie andere op meesterlike wyse. Hierdie gedeeltes vergelyk hy met werke van hedendaagse skrywers, professore en taalkundiges. Mnr. Rudolf toon duidelik vir ons aan hoe Afrikaans in sommige gevalle liederlik misbruik en vermors word deur dit te vermeng met ander tale en selfs deur ons eie swak taalgebruik.

Suid-Afrika is die erfstuk van die Afrikaners en ons moet ons pragtige taal eer en skoonhou van ongewenste elemente. Praat oral Afrikaans, in die kafee, op straat in die hotel! Afrikaans moet seëvier! Dit is ons plig! Weg met Engelse liedjies by troues en dies meer! Dan is ons egte Afrikaners! Ons moet ons geskiedenis ken want eers dan sal ons, ons volk eer — dan sal ons, ons taal hooghou. Ons kan die toekoms nie met vertroue ingaan as ons nie ons verlede ken nie.

Mnr. Rudolf het ook die een en ander oor mnr. Steven Eyssen vertel. Dit het almal diep getref en doodse stilte het geheers. Elkeen het diep in sy hart hulde gebring aan 'n magtige taalstryder wat ontsettend baie moes deurmaak voor sy taal ten volle erken is.

"Die man wat nie oor sy taal ween nie het nog nooit die werklike diepte daarvan besef nie" is die treffende woorde waarmee mnr. Rudolf sy boodskap afgesluit het.

Die taalfees is afgesluit met 'n treffende voordrag van die Stem van Suid-Afrika deur Johan Erasmus. Hierna het almal onder begeleiding van die blaasorkes die eerste en laaste versies van die Volkslied gesing. Die doel van die Taalfees is bereik en elkeen het stil in sy hart die gelofte gedoen: "Op jou roep sê ons nooit nee nie, sê ons altyd, altyd ja. Om te lewe, om te sterwe. Ja, ons kom Suid-Afrika!"

Baie geluk aan die Afrikaanse fakulteit onder leiding van mnr. Bosman wat hierdie treffende program gereël en aangebied het. Dit was werklik 'n besondere geleentheid wat nog baie lank onthou sal word.

O.A.B. gestig

Dit was al vir baie jare 'n behoefte by die oudleerlinge van die Afrikaanse Hoër Seunskool om 'n oud-leerling bond te stig. As 'n mens in ag neem dat Affies die eerste suiwer Afrikaanse hoërskool in Suid-Afrika is, en 'n mens kyk na al die prestasies wat deur sy leerlinge bereik is, dan vra 'n mens jouself af hoekom dit nog nooit 'n werklikheid geword het nie.

Oor die jare is verskeie pogings aangewend om so 'n bond te stig maar ongelukkig het dit nooit ver gevorder nie.

Na 'n spesiale vergadering van oud-Affies onder wie die hoofseuns en onder-hoofseuns van die afgelope dekade en vroeër, is 'n aksiekomitee saamgestel wat dadelik met hul werksaamhede begin het.

Met die oog op 'n stigtingsvergadering is daar 'n rugbywedstryd tussen oud-Affies en die old Boys' High leerlinge gehou, wat groot belangstelling by die oud-Affies uitgelok het. Hierna is besluit dat 'n stigtingsvergadering so gou as moontlik gehou moes word. Die groot dag is bepaal vir Dinsdag 17 September 1975 in die skoolsaal van A.H.S. 'n Groot aantal Affies het reeds te kenne gegee dat hulle die vergadering sal bywoon. Die stigtingsvergadering wat nog 'n mylpaal in Affie se roemryke geskiedenis sal wees behoort deur geen oud-Affie mis geloop te word nie. Sien julle daar.



BEESTE FEESTE VIR 1975

Dit was by uitstek 'n jaar van "Socials". Vrydae lang pouse moes alle inligting omtrent die komende naweek se aktiwiteite ingehandig wees. (Joan het gewoonlik alle inligting deur die week ingesamel.)

'n Samedromming van die "Party Boys" (soos deur iemand wat ek nou nie kan onthou nie genoem) het voor die "snoepies" plaasgevind. Elke partytjie is tot in die fynste "detail" bespreek. Vrae soos Wie hou dit? Waar is dit? Hoe is haar Pa? Hoe is die meisie/ou wat dit hou? Hoe lyk die tuin? ens. is dan beantwoord.

Die partytjies is dan ook gekenmerk deur die raserige aankom van die meer sosiales soos Ivan, Loal, Steve, Sakkie, Dellas ens. As daar meer as een partytjie is, is hulle vergelyk en die beste is gekies.

Gewoonlik is die manne dan met ope arms ontvang (veral deur die meisies wie se arms nie gou gelos het nie). Die ander ous en die Pa's het gewoonlik iets te sê gehad maar die meisies het gewoonlik die oorhand gekry en ons het gewoonlik gebly.

Daar was nou wel kere toe ons nie ingelaat is nie. Sakkie en Dellas is op een aand by vier verskillende partytjies as ongewens bestempel ('n rekord).

Partytjies wat ons graag in herinnering wil roep is die van Spies, wat 'n bouse sukses was al het die krag afgegaan. Hier tydens was ons ook vereer deur 'n besoek van ons hoofseun in sy ampsdrag.

Nog 'n partytjie wat bogemiddeld was, was Walter s'n. Ons bedank Walter vir al sy moeite om aan ons 'n heel gesellige aand te verskaf.

Dan is daar nog baie ander gebeurtenisse waarvoor ons kan lag by die herinnering daarvan.

Ek neem as voorbeeld, 'n besoek by plekke waar ons ons kapasiteite gaan vul het bv. "College" Uh! en "College Tea Room" en Uh! ens.! wat dan opgevolg is deur "Pavement Scrambling" met 'n 5-ton Bakkie en 'n swem by die meisies. (Wat my aan iets laat dink soos "One, two, three what are we fighting for" of so-iets.)

Om dit alles af te sluit dink ek elke matriek, al het jy tot nou toe nie ingeskakel nie, moet probeer. 'n Mens is slegs een keer in Matriek. Daarom vra ons al die Matrieks om ons Toer na die Plaas en die Matriekafskied te ondersteun.

ONS

NUUT OP DIE RAK

Standerd tiens: Anthem for Doomed Youth.

Mnr. Van Schalkwyk: The Song of the Wheels.

Kantoor: This is going to hurt just a little bit.

Mnr. Roesch: Me and the Animals.

Mnr. Ferreira: Kabouterliefde.

Mnr. Butler: Die ossewa.

Meisieskool: Bang vir die Blits.

Standerd sesse: Die harde pad.

Personeel: The Killers.

Mnr. Van Vuuren: The Ethicks of Pig.

Mnr. Pretorius: The Pistol.

Mnr. Vermeulen: The Living Body.

Mnr. Genis, Van Schalkwyk en Ferreira: Men without women.

Leerlinge: O die pyn-gedagte.

Koshuisleerlinge: Theives in the Night.

DIE KELDER (EDMS.) BPK.

Affies verkies hulle oudste leweransiers

OMDAT:

- 20% korting vir kontant ontvang word
- Die diens die vriendelikste is
- Die voorraad die grootste is

★ ★

L.W. Ons nuwe adres:

Transvaalhuis,
Vermeulenstraat 286
Pretoria (regoor O.K.)
Foon 2-7070

Met Komplimente van:

PS+ TIMBER

311 VERMEULEN STR.
TEL. 34825/6/7

Puellarum



Artes

BEGEERTE

As ek kon skryf
die drade van
my denke span
van oog tot oog
van mond tot mond
van hart tot hart

'n klein kokon
van vreugde en begrip
wat warm drif
en digtersdrang
gebaar het.

As ek kon skryf . . .

EENSAAMHEID

Dit hang oor die gryse oseaan
Dit kom in nat slierte by die
rotse saam
Dit vou om jou waar jy alleen
staan
Dit sluit jou af van waar ligte
baan.

Die maan strooi dof sy strale
neer
Die sand ontbrand in 'n goue
meer
En saggies teen 'n donker leer
Tuimel dowwe druppeltjies neer.

Mans is soos stoele

Mans is net soos stoele, hulle
lyk nie eners nie, maar op albei
kan 'n mens sit. Sommige is soos
Mahoniehoutstoele, hulle verloor
mettertyd hulle glans.

Ander is soos gemakstoele,
vriendelik en aanloklik, sodat
dames hulle nie kan vermy nie.
Party is soos regop stoele in 'n
wagkamer — hulle maak 'n
gewag nog langer. Ander is weer
soos banke, meer as een kan op
hulle sit.

Dan is daar ander wat soos
stoele by 'n tandarts is — hulle
gee mens 'n pyn.

Dan kry 'n mens die wat soos
stoele met wiletjies is, hulle
moet aangestoot word.

Party is weer soos dekstoele,
hulle word rondgesleep net waar
jy verkies om hulle te hê. Ander
is soos voorste stoele in 'n
bioskoop, niemand wil hulle hê
nie. 'n Ander tipe is soos
rystoele, hulle maak jou aan die
slaap.

Maar omdat daar niks anders
as mans en stoele gevind is nie,
moet ons vrouens maar tevrede
wees, want geen vrou sal as sy 'n
mooi rok aanhet, op 'n
paraffienkassie wil sit nie, of 'n
besemstok vir 'n man wil hê nie.

(ML)

Waenhuis

Vir handgemaakte artikels en
meubels uit eie bodem
Lynnwoodriksentrum.

Oor die wydheid van die see
weerklink
'n eensame geroep — geen
liggie blink
Terwyl die wêreld in mis verdrink
Voel ek hoe ek stadig sink.


'n 'groot stilte hang swaar om
my
Dis twee trane wat oor my wange
gly
Die eensaamheid gryns en bly by
my
As ek saggies dieper sink en gly.

RIANA STEYNBERG ST. 9C

The Exam And me

(an analogy)

Like a bolt from the blue the bull ran into the china shop. He went absolutely beserk. He upset the apple-cart on the pavement and broke the neck of the one who was standing with his back against the wall. The shop manager who got more than he bargained for, tied the bull to the apron-strings, beat him about the bush until the bull felt as if he had a bee in his bonnet. However, the bull took a bit of the apron-strings between his teeth, but bit off more than he could chew. Unable to say boo to a goose he was sent away with a flea in the ear. He left in the dark without a leg to stand on and with a lump in his throat the manager looked at his shop — a sight for sore eyes. He kicked over the traces and then his blood went up — and he went the way of all flesh.



BOERE (-SPORT) SAAMWERK BEPERK

HEY GUY!

Hey you on your motorbike
do you know what's love?
Has your tummy ever been full of
butterflies
when you have seen a girl
passing by?

Hey big boy, can't you see I'm in
love
can't you understand why I'm
crying?

Guy, when you're around
everything seems to be a great
miracle
that's why I love you
that's why everything you do
amuses me
and why you bring
the sunshine into my life
although you don't know me.

Hey you, why are you smiling?
Do you think of a girl on the
highway?
Can't you see that my rainbow is
falling
because you

don't love me
don't see me don't know me?

Guy, I love you, and I always will
because when you look up
I know I'm lost
and I will always be lost
if my life must go on
without you.

SUSAN BOTHA 8E

VIR JOU

Vir jou kon ek 'n malkop
deuntjie komponeer en
'n riel dans
vir jou kon ek 'n gedig skryf
Vir jou kon ek my siel
soos 'n weglê broeisel
offer
Vir jou kon ek liefwees
as jy my wou raaksien

MISKIEN TOG

Sal ek jou eendag weer
iewers op my eensaam pad
ontmoet?
Sal ons ongemaklik
hoflik groet
gemeenplasiaes wissel
terwyl ons harte na mekaar
skreeu
en ons oë van ingehoue hartstog
brand?

ALIDA THERON 9F

VANDAG . . .

is 'n lekker dag, met 'n
wind deur die hare gevoel
'n pluk blomme in die reën
gevoel
'n sing in die son gevoel
'n huil van blydschap gevoel
'n God het my lief gevoel
'n sommer net lewe gevoel
O ek wens hierdie dag
hou net aan en aan en aan . . .

(ANNETTE)

* * * *

Ek wens ek kon jou maat wees
dan kon ek jou met my lappop
gooi as ek kwaad word
miskien slaan jy my dan oor die
kop
en sleep my aan my vlegsels na
jou niemandsland
(dis mos hoe mens dit doen, of
hoe?)

Of miskien, as ek jou maat was
kon ons saam 'n boomhuis bou
en daarbo sit en borreldrome
droom
of "hasie-oor" en "kellies en
krooks" speel
of . . .
sommer net

maatswees
maatswees
maatswees.

Hoekom kan ek nie jou maat wees
nie?
is my tone te groot
of my hartjie te klein?
Hoekom kan ek nie saam met jou
kleilat gooi en
vrugte vaslê nie?

Ek wens . . .
Maar, ek sal nooit jou maat kan
wees nie
want jy is 'n ou
en ek 'n meisie
daarom is my wense nie jou
wense nie
en . . .
my wêreld nie jonne nie . . .

SUSAN BOTHA ST. 8E

MENEER DIE BOEMELAAR

Is daar êrens op hierdie aarde
'n moeder wat haar afgesloof het
om haar seun geleerdheid te gee.
Gepraat van geleerdheid, is dit
nie jou foto, meneer die
boemelaar, wat onder die
advokate se foto's in die koerant
'n paar maande terug, was nie.
Het die "drinks van die social
parties" jou so gevand dat jy 'n
leë dop sonder pit is. Het jy
miskien besef hoe leeg jou lewe
werklik is en dit so probeer vul?
Bly jou vrou met jul twee ideale
kinders in 'n paleis van 'n huis in
"Waterkloof Ridge".

Jy sit daar met jou
halfbotteltjie, jou verkreukelde
hoedjie; kry jy nie skaam nie? Ek
dink nie jy kan nog skaam kry
nie; jou trots is gebreek. As die
reën te veel pla soek jy 'n brug of
oordakke om onder te slaap. Die
poliesmanne los jou al, want
hulle ken jou. Kan 'n mens waag
om jou van klere te voorsien, of
sal jy dit verkansel vir 'n
halfbotteltjie? Meneer die
boemelaar, ek wens jou geluk dat
jy gevorder het tot park-
boemelaar en nie meer sommer
'n rondloper (volgens jou) is nie.

GRETA 10C

* * * *

Vir jou is ons vriendskap iets
allerdaags
soos "Pote"
of "Hagar"
of "Boner se ark"
Maar vir my was dit nog altyd
iets "anders"
soos draairoomyse
of melkskommel
of lag in die reën.

Kan jy dit nie begryp nie?
Kan jy nie verstaan dat jy
my geluk
my lag
my hartseer is nie?

Weet jy hoeveel keer het ek my al
verkyk
aan jou groot hande
jou skertsende oë?
jou hele menswees?

Weet jy ooit dat ek lief is vir
verdwaalde hondjies,
vir klein dogtertjies en gedigte?

Of is ek maar net vir jou
'n moment
'n maat
en
'n "nog iemand?"

SUSAN BOTHA (8E)

As duisternis die koshuis tref

(n.a.v. die oomblikke wanneer
die ligte uitgaan)

1. STUDIESAAL

Met hart en siel het ons gewurg
Die wiskunde dring deur been en
murg,
Net toe ons die lig sien van die
som
Het die duisternis gekom. AH!

Die een gil en die ander jil,
Die een spring en die ander sing.
En 'n onnie wat haar bes
probeer,
Om ons klomp dames te hanteer.

Naarstiglik word daar gesoek
Om elke draai en elke hoek,
Na 'n kersie of 'n flits,
Om deur die duisternis te blits!

2. VOOR DIE FUNKSIE

Dit was 'n tragiese aand —
Waar is Jan vanaand?
Die lipstif is gesmeer
En haar hartjie is so seer.
Die krullers het gepynig —
Dit help nou alles weinig
Want soos die noodlot dit bepaal

Het die ligte weer gefaal.

Skoonheid - U
tevredeheid.
Glenfair Droogskoon-
makers.
Sanlamsentrum.

MENLO Steenwerke Heidelberg



Tel. 0151-3525

Besoek

GINSBERG'S

Die familiewinkel vir al u benodigdhede
Bronkhorststraat 219,
NIEU-MUCKLENEUK

TEL: 78-321

Bestuurders Aktief

Die heel eerste dag van die termyn het reeds vir Affies op 'n hoë noot begin: Affies se besigheidsbestuurspan het 'n volle skooldag misgeloop om aan die landswe semi-finaal van die kompetisie deel te neem.

Die bestuurspan van Affies, bestaande uit Hansie Oosthuizen, Stephen de la Harpe, Walter Roux, Pieter Egelseer en Marthinus van Niekerk, was die enigste Afrikaanse skool onder die vyf deelnemers in die semi-finaal. Die vier ander skole het uit alle uithoeke van die land gekom: Cambridge het reeds die vorige dag per vliegtuig in Pretoria aangekom. Dit was dus met gemengde gevoelens dat Affies agter op 'n groen, diesel, Peugeot bakkie opgeruk het na die Prudential-gebou.

Na die eerste rondte van die dag beslis is, het Affies stewig in die tweede plek gelê. Ons het egter reeds hier 'n foutjie begaan, wat in die volgende rondte sou veroorsaak dat Affies met 'n geweldige verlies op hande sit. Ons het probeer regruk, maar nie heeltemal daarin geslaag nie. Toe die uitslag aan die einde van die dag bekend gemaak is, was dit Capricorn van Pietersburg wat deurgedring het. Ek glo dat ons waardevolle ervaring opgedoen het wat toekomstige bestuurspanne in staat mag stel om ook hier Affies se stem dik te maak.

Alhoewel ons slegs daarin kon slaag om vierde te eindig, was die dag darem nie sonder sy hoogtepunte nie. Ek dink byvoorbeeld aan die toer deur I.C.L. se kantore waar ons verskillende kompers besigtig het en die middagete wat ons innerlik versterk het. En natuurlik! Wat kan 'n mens meer vra as om 'n skooltag te mis?


Affie - Idiome

Mnr. Marais hoef nie te wag tot die perde eendag horings kry nie, hy sal wel die oorsake vir sy hooikoors vind. Hy sal egter nie na groener weivelde vertrek nie en is terug in die tuig.

Mnr. van Vuuren skiet gedurig spek en bevark sodoende wiskundige pogings. Hy sê hy is geen kripvreter nie en hy is reg. (Ons verneem ook dat mnr. Pretorius so reg soos 'n roer is).

Vinkel en Koljander, ons voëls van eenderse vere sê 'n halwe eier is beter as 'n leë dop. Mnr. Ferreira daarenteen sê egter 'n halwe pint is die nog die heel beste.

Mnr. Butler se botter kan nie in sy mond smelt nie — dis 'n mondvul in een periode — sowaar as padda manel dra.



Kiekkklub Klop Klomp

Dat Affies 'n veelsydige skool is, is weer eens onteenseglik bewys. 'n Onbekende, bekende stokperdjie op Affies nl. fotografie het dit weer bewys toe ons puik fotografieklub die jaarlikse fotografiekompetisie tussen Pretoria Hoerskole, gewen het.

Op Vrydag 13 Junie om 19h30 het ses skole van Pretoria by St. Albans Kollege byeengekom om kragte te meet in fotografie. Die reëls van die kompetisie het verseker dat alle swart-en-wit afdrucke en kleurskyfies die werk van die leerlinge self was. Elke deelnemer is slegs toegelaat om vier werke per afdeling in te skryf.

Dwarsdeur die hele aand was die spanning hoog en die uitslag voortdurend in die weegskaal. Nadat die swart-en-wit foto's beoordeel is, het Affies stewig in die eerste plek gelê. Die fotografieklub het die onderskeiding behaal om 236 uit die moontlike 300 punte in te samel. Dit gee 'n gemiddeld van 79% wat besonder hoog is. Kommentaar is daarna oor sommige van die beste foto's gelewer. Ons geluk wense aan Francois Swanepoel wat 'n derde plek in die swart-en-wit afdeling verower het.

Net na pouse het die kompetisie in die kleurskyfie

afdeling begin. Hier het St. Albans baie goed gevaar en die Affies voortdurend op hulle tone gehou. Na die beoordeling van die kleurskyfies is die finale puntetelling aangekondig. St. Albans was tweede met 379 punte en Affies eerste met 398 punte. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die kompetisie dat Affies die beker verower het. Menlopark het die vorige twee jare hierdie beker gekry. Die fotografieklub het egter die bordjies verhang en ons hoop dat die beker volgende jaar en die jare daarop by sy regmatige eienaars sal bly.

Ons gelukwense aan die volgende persone wat die finale gehaal het. In die swart-en-wit afdeling: Wynand Bezuidenhout en Christo Cloete met een foto elk, Saz Brönn met twee foto's, Francois Swanepoel met drie foto's en Harry Brönn met drie skyfies. Geluk ook aan mnr. Forrest wat die fotografie-manne met raad en daad bystaan.

HARRY BRÖNN

HY HET NIE NAAM NIE

'n Ou transport wa, wat nog aan die begin van hierdie eeu in gebruik was, is goedgegunstig aan die skool geskenk deur mev. Moolman, met die oog op bewaring vir die toekoms. Die wa wat nog in 'n goeie toestand is, word tans deur die standerd tien Geskiedenis fakulteit gerestoreer. Donderdag 5 Junie het oom Koechard en 'n span bandiete (regte gevangenes, nie leerlinge nie) die wa gaan haal. Hans Oosthuizen het Maandag 9 Junie die wa namens die Geskiedenis fakulteit aan die skool oorhandig. Wanneer die restorasiewerk voltooi is, sal die wa oorgeverf word en hierna 'n ereplek voor die skool inneem. Baie dankie aan mev. Moolman wat die wa geskenk het en mnr. Butler wat die "brein" agter die hele projek is.

AFRIKAANS NOG IN SY KINDERSKOENE?

Vrydagaand 6 Junie 1975 sal nog baie lank onthou word deur die persone wat op hierdie betrokke aand die Afrikaanse Debat bygewoon het. Die debat was voorwaar van hoogstaande gehalte, gevolg deur 'n baie spannende en interessante Letterkunde vasvra tussen die koshuisleerlinge en dagskoliere.

Na die verwelkoming deur die voorsitter Hans Oosthuizen, is 'n musiek item deur die nuut gestigte skoolorkes gelewer. Hierdie orkes bestaan hoofsaaklik uit juniors en staan onder leiding van mev. Pretorius. Hulle het die gehoor aangenaam verras met sprankelende musiek wat van baie hoë gehalte getuig het.

Hierna het die amptelike debat begin. Die onderwerp was: "Staan Afrikaans nog in sy kinderskoene of nie?" Johan Erasmus en Danie Fölscher se standpunt was dat Afrikaans wel nog in sy kinderskoene staan. Celliers van Niekerk en Corné Mulder probeer egter om die gehoor te oortuig dat Afrikaans sy kinderskoene reeds ontgroeit het. Al vier dié toesprake het van goeie voorbereiding en insig getuig. Tydens die vloerbespreking het 'n hewige stryd onder die gehoor ontstaan. Ons susters van oorkant die straat het hartlik hieraan deelgeneem. Op hierdie stadium het al twee spanne eweveel ondersteuners gehad en die uitslag kon nog glad nie voorspel word nie. Toe kom Chris du Plessis aan die woord en vra die groot vraag wat almal wou vra maar nie in woorde kon uitdruk nie nl.: "Waarom?" Die antwoord het egter nie lank uitgebly nie en Rassic kon met oortuiging antwoord: "Daarom!". So is die probleem gou uitgestryk en die onkundiges ingelig. Nadat die sprekers repliek gelewer het, is daar oorgegaan tot stemming. Die gehoor het besluit dat Afrikaans wel nog in sy kinderskoene staan.

Dick Putter kom aan die woord en gee die gehoor 'n lesing oor hoe om 'n peperment op die regte manier te hanteer en te

suig om sodoende die peperment ten volle te kan geniet. Dit is beslis nie so maklik as wat dit klink nie. Na pouse is drie "impromptu" toesprake gelewer. André Myburgh bespreek die invloed van die stygende melkpryse op die dalende roksome van die dames in die tuislande. Adeldaid Ferreira was in haar element toe sy hoor sy moes praat oor die stelling dat Women's Lib doodgebore is. Sy is voorwaar 'n kenner op hierdie gebied. Bennie Naude wys die gehoor daarop dat dit mooi en goed en reg is en dat dit so hoort dat 'n wiskunde onderwyser en 'n leerling nie kan verbaster nie. Die drie sprekers het hulle baie goed van hulle taak gekwyd en die gehoor telkens laat skaterlag.

Na die "impromptu" toesprake het die item waarna die hele skool lank uitgesien het nl. die Letterkunde vasvra plaasgevind. Die koshuispan is verteenwoordig deur Johan Kriek, Johan Delport en L. P. Louw. Die dagskoliere se span het bestaan uit Pirow Bekker, Schaik Burger en Marthinus van Niekerk. Op hierdie wyse is die gehoor ook in twee verdeel. 'n Hewige stryd waaraan die gehoor ook lustig deelgeneem het, het ontstaan. Ongelukkig moes die vasvrae weens gebrek aan tyd kortgeknip word. Die eindtelling was 37 punte teenoor 42 in die guns van die dagskoliere.

Die Afrikaanse debatsbestuur moet voorwaar geluk gewens word met hierdie aanbieding. Hierdie genotvolle aand het van werklike goeie organisasie getuig, die debat en vasvra was ook van baie hoë standaard. Ons sien almal met groot verwagting uit na die volgende Afrikaanse debat.



MET KOMPLIMENTE

Ace Motors

MOTORFIETS SPESIALISTE


429 PRETORIUS STR.
PRETORIA

AGENTE

YAMAHA • HONDA • KREIDLER

TEL. 48-3861/2

POSBUS 2896



DARLING, I KNEW IT WAS YOU . . .!!!



MY MA KOOP ONS GORDYNE BY

OLINCO

WANT HULLE BIED:

- Gratis kwotasies
- Gordyne gratis gemeet

gemaak
gepas en
gehang.

WAARVOOR DUURDER BETAAL?

- Kantgordyne teen billikste pryse;
- Vervaardig van slegs die beste ingevoerde en
- Plaaslike materiale
- Kleurvas, drupdroog, geen gestryk —
- In alle kleure en ontwerpe.

Kom kies uit 'n groot verskeidenheid, puik gehalte gordyne

Verkrygbaar te:

Andriesstraat 315,
STAD.

Esselenstraat 340,
(h/v Bourkestr.)
SUNNYSIDE.

Michael Brinkstr.
(h/v. Voortrekkerstr.)
GEZINA



VRIENDELIKHEID

KOS NIKS

Orals waar 'n mens deesdae loop, in die stad, by die skool, by 'n rugbywedstryd of waar ook, sien 'n mens net suur gesigte. Almal loop met 'n frons tussen die oë of met 'n dikmond die lewe tegemoet. Wat is dan verkeerd?!

Kommunikasie

Druk die lewe dan so erg, het almal dan sulke vreeslike probleme of het hulle dan niks om 'n bietjie bly oor te voel nie? Hoekom groet mense mekaar nie as hulle by mekaar verby loop nie? Hoekom lag iemand nie terug as jy vir hom/haar glimlag nie?

Hierdie is een van die grootste probleme wat die mense van vandag ondervind nl. 'n gebrek aan kommunikasie.

Onwillig

Almal van ons wil graag baie vriende hê en graag gewild wees of almal van ons wil darem hê die wêreld moet weet ons bestaan, maar ons almal verwag dat die mense om ons van ons moet maak wat ons so graag wil wees. Die mense om my moet eers hulle 60% bydra voordat ek my 40% gaan bydrae om van myself 'n sukses te maak. Ons is nie deesdae meer bereid om van ons self te gee wat ons verwag ander aan ons moet gee nie.

Kritiseer

Dit bring my weer terug by my vroeë bo genoem. Hoekom glimlag niemand meer spontaan vir mekaar nie? Deesdae dink mense allerhande snaakse dinge van jou as jy — 'n wildvreemdeling — vir hulle glimlag. Hulle wil graag hê die mense moet met hulle vriendelik wees, maar self loop hulle soos

watse asyngesigte rond. Hoeveel van ons komplimenteer mekaar nog op iets moois wat ons aan het, of hoeveel van ons praat nog opbouend van mekaar? As, daar oor 'n meisie of 'n seun gepraat word, is dit gewoonlik net 'n groot geskinder "Kyk net wat het sy alweer vandag aan" of "Dink hy nou regtig hy was oulik om meneer te gaan help!"

Al hierdie dinge word gesê, nie omdat daar regtig iets verkeerd mee was nie, maar omdat ons nie die vrymoedigheid het om so iets goed te praat nie. (Is dit nie dalk omdat ons 'n skuldgevoel het nie?) en omdat ons die gewoonte aangeleer het om na mense te kyk met die doel om te kritiseer en af te breek.

Vriendelikheid

Kom ons maak hierdie trimester 'n trimester van vriendelikheid en welwillendheid. Staan maar op vir 'n dame of 'n oumens in 'n bus, komplimenteer jou meisie op die kleres wat sy spesiaal vir jou aangetrek het, glimlag vir die wêreld om jou en gebruik die woorde "dankie" en "asseblief" maar so veel as moontlik.

Glimlag

Deur ons welwillendheid en vriendelikheid kan ons die wêreld om ons soveel makliker en lekkerder maak om in te lewe.

"Smile at someone and he will smile back at you and soon the world will be filled with miles and miles of smiles".

REDAKTRISE
HENDRINE DE WIT

ONDERSTEUN ONS
ADVERTEERDERS

TOTSIENS MNR. BOTHA

Na baie jare se harde werk en toewyding het mnr. Botha — Affies se tuinier — nou uitgetree.

Mnr. Botha

Mnr. Botha het elke dag, sonder uitsondering, op sy fiets, 'n ogie oor Affies se gronde gehou en dit was dan ook onder sy toesig wat Affies se tuine so pragtig gelyk het. Benewens die feit dat hy 'n siek man was, was hy altyd getrou op sy pos.

Ons sal nooit vir Omie Botha en sy fiets vergeet wat Affies se tuine ons trots gemaak het nie.

Soos dit dan ook maar altyd gaan, as die een weggaan, vul 'n ander sy pos MNR. SWANEPOEL het die nuwe pos as

tuinier aanvaar en ons Affies het 'n nuwe oupa bygekry!

Mnr. Swanepoel

Baie welkom OMIE SWANEPOEL! Dit is heerlik om u hier te hê. Dit is so lekker om so 'n vriendelike gesig op ons werf te sien wat nooit te besig is om goue 'n geselsie te maak nie en wat 'n mens nooit verbyloop sonder om te groet nie! (Sy seun is mos springbok skaakspeler en nou moet julle die skaakklub sien floreer!) Met hierdie nuwe gesag sal Affies weer met trots kan spog met hulle tuine.

Baie welkom!

H.D.W.

'N WAARSKUWING AAN ALMAL EN NOG WAT:

Die Jollie-Juk het al weer hier onder ons ingevaar. Dit lyk mos al asof die muskiete en vlooië weer gemaai het onder ons gelede, want almal is net besig om te krap of te vryf en te skuif.

Moenie bekommerd wees nie, dit is net die Jollie-Juk wat julle beet het. Al manier om daarvan ontslae te raak is om jouself in Tetmosolseep te SKROP! As jy eers die Jollie-Juk het, het jy hom en sal jy die gekrap maar moet verdra. Ook sal daar opgepas moet word, want dit is baie aansteeklik.

Dus, as iemand naby jou vreeslik jeukerig is, moet jy maar baie gou wegskuif.

LEKKER KRAP!!—RED

DROME

Elke aand droom meeste van ons 'n droom is gewoonlik 'n gedagte en hunkering na iets wat meestal nie bekombaar is nie. Het julle al ooit 'n droom van 'n onderwyser gehoor. Weet julle waarom droom hulle. Ek het 'n studie hiervan gemaak en gevind dat dit wissel van onderwyser tot onderwyser.

Waarvan droom ons onderwysers:

Mnr. Roesch — 'n Groot dam.
Mnr. Ferreira — "Platform shoes"
Mnr. Bosua — Honderd pakkies "Soup-soup"
Mnr. Van Staden — 'n Terroriste aanval op Redelinghuis-Poort.
Mnr. Van der Merwe — "Lopis" graankos.
Mnr. Marais — 'n A.H.S. July Handicapp.
Mnr. Jelley — A Royal "Wabble"
Mnr. Bezuidenhout — Die Slazzenger besigheid.
Mnr. Van Vuuren — 'n Streepsak vol mieliebronke.
Mnr. Van Wyk — A natural cigar deoderant.
Mnr. Van der Westhuizen — 'n Eetwedstryd.
Mnr. Butler — 'n Derde Wêreldoorlog.
Mnr. Teichler — 'n Vakansie in die son.
Die skoolseuns — Die dood van bogenoemdes.

SWEET DREAMS



OERWOUDEGESEGDES



SOKKER-BO

Geagte Redaksie,

Na ons skool word altyd verwys as 'n skool wat sy leerlinge al die moontlike geleenthede bied, veral op sportgebied. Is dit nie ironies nie, dat die sportsoort wat deur die meeste mense in die wêreld gespeel word, nie by ons skool aangebied word nie? Ek verwys nou na die egte voetbal, sokker.

Belangstelling en entoesiasme is daar genoeg, veral na die afgelope Wêreld Beker kompetisie. Verlede jaar het die standers al onderling teen mekaar gespeel en die huidige matrieks het selfs teen ander skole wedstryde gereël. Maar, 'n egte klub is nog nie gestig nie. Daar word gesê, dat sokker 'n gevaar vir rugby inhoud, aangesien baie dan liewers sokker sal wil speel. 'n Leerling aan ons skool wat graag sokker wil speel, moet by 'n klub buite die skool aansluit en soms teen tye oefen wat nie inpas by sy skoolprogram.

Ons kan gerus 'n voorbeeld stel aan die ander Afrikaanse skole en sokker beoefen. Ek is seker daar is andere wat nes ek voel.

Die uwe,
C. BACKEBERG 9A

PLAAS-TOE

Die Redakteur,

Ek wonder hoeveel van ons leerlinge weet dat ons skool 'n plaas besit . . . ! Vir dié wat nie weet nie, die skool besit (saam met Boys' High) 'n klein plasie in Oos-Transvaal.

Hoeveel van ons seuns was al by ons plaas? Blykbaar is ek een van die weinige bevoorregtes wat al so gelukkig was om vir 'n naweek op die skool se plaas te gaan ontspan. Hoekom reël ons nie uitstappies na die plaas nie? Die plaas lê daar en wag. Boys' High stuur gereeld leerlinge na die plaas. Hulle is besig om rondawels te bou vir almal se

gerief en ons verroer nie 'n vinger nie! Kan ons nie 'n groep leerlinge van ons skool en Boys' High afvaardig om daar te gaan werk nie?

Meer omtrent die plaas: Dit is 'n lieflike klein plasie met denneboomplantasies, oop ruimtes met lang wuiwende gras en 'n klein klofie. Die berge daaromheen vertoon asemrowend en kabbelende stroompies is oral te vinde. Vir die seniors se informasie, die bure het 'n pragtige dogter!

Ek dink dit is 'n sonde om so 'n gulde geleentheid deur die vingers te laat glip. Wat sê julle? Ek hoop die saak sal weldra aandag geniet en dat daar spoedig iets gedoen sal word om dit reg te stel.

Met goeie vertroue,
R. DE MUELENAERE

Die matrieks het reeds besluit om die tweede naweek van volgende termyn 'n uitstappie na die plaas te reël — Red.

STAAN OP

Geagte redaksie,

In een van die eerste uitgawes van STROOM-OP het daar 'n brief verskyn insake 'n bepaalde faset van klasgedrag. Die brief is tot vandag toe nog nie duidelik beantwoord nie en sit ons Affies nog steeds waar ons was — in 'n oseaan van onsekerheid.

Die eenvoudige vraag of ons moet opstaan wanneer 'n onderwyser of besoeker 'n klas besoek of nie is sekerlik nie so moeilik om te beantwoord nie, of is dit? Daar is natuurlik baie voor- en nadele aan opstaan of bly sit verbonde. Dit is wel so dat jy gesteur word in jou "gedagtegang" en konsentrasie, maar kan dit teen hierdie tradisie of bowenal hierdie betoning van respek opgeweeg word? Daar is werklik min dinge wat swakker vertoon as 'n paar leerlinge opstaan vir 'n onderwyser terwyl die res nie eens opkyk nie.

Skaars 'n uitgawe of wat later verskyn daar nog 'n brief waarin daar gepleit word dat die

moontlikheid van hokkie op Affies ondersoek moet word. Die hokkie-liefhebbers weet nou nog nie waar hulle staan nie.

Kan die redakteur nie na oorlegging met ons owerhede 'n antwoord verskaf nie?

J. M. PRETORIUS

Die antwoord van die eerste vraag is eenvoudiger as dié vraag self. Staans op! I.v.m. die tweede saak: „Jack of all trades master of none” — Red.

BEWAAR TRADISIE

Geagte Redakteur,

Een van Affies se belangrikste kenmerke is sy mooi tradisie en is deur die hele land bekend daarvoor. By 'n volk is tradisie kultuur en kultuur beskawing en beskawing 'n volk. Dit is ook van toepassing op 'n skool, maar beskawing is 'n skool met 'n goeie gees.

Ons mooi tradisie is iets wonderliks om te kan besit en ook eets om op trots te wees. Affies was die mees tradisiebewuste skool in Pretoria. Waar is ons tradisiebewustheid nou? Wat sal van Affies word as ons ons tradisie heeltemal oorboord gooi? Die gees sal nog meer agteruitgaan en ons kan dit nie bekostig nie, omdat ons skool se gees op die oomblik juis 'n laagtepunt bereik het.

Laat ons dan saamstaan en saamwerk om Affies van onder af weer op te bou. Ons moet bou met dieselfde positiese, ywer en deurstellingsvermoë en gesindheid as wat ons Affievoorgangers dit in 1920 gedoen het.

Dit is ons huidige matrieks se plig en voorreg om, met die hulp van die jonger standers die Afrikaanse Hoër Seunskool tot die topskool in Suid-Afrika te bou en tot groot hoogtes te voer.

Ek doen 'n beroep op al die Affies: Help om die Affie-tradisie en Affie-gees in ere te herstel en dit daar te hou!

SAREL KOEN

FORUM '75

Juniors moet besin

In 'n onlangse opname in STROP oor die wenslikheid om terug te keer na die ou sweetpakke het 'n onrusbarende neiging na vore getree. Dit het duidelik geblyk dat die juniors glad hoegenaamd nie omgee vir Affies se tradisie en dit wat eie aan Affies is nie. Dit is noodsaaklik dat hierdie skool van ons te alle tye sy identiteit behou. Die juniors besef blykbaar nie hoe belangrik dit is om sy tradisie te behou nie. Om 'n sweetpak wat glad nie eie aan Affies is nie en glad nie identifiserend is nie te verkies bo 'n sweetpak wat deel van Affies se geskiedenis en tradisie is, getuig van kortsigtigheid. Wie wil dan 'n sweetpak dra wat presies dieselfde lyk as 'n sekere skool in Johannesburg s'n. Is ons dan nie meer trots om as Affies uitgeken te word nie? Die leerlinge van die Afrikaanse Hoër Seunskool was nog nooit skaam vir hulle identiteit nie. Waarom dan hierdie neiging om glad nie meer om te gee vir die skool se geskiedenis en tradisie nie? Oor 'n paar jaar sal vandag se juniors leiding moet gee. Om Affies verder uit te bou is dit noodsaaklik om trots op jou skool te wees en nie skaam te wees om as 'n Affie bekend te staan nie. Mnr. C. F. Rudolf het in sy toespraak gedurende die Taalfeesviering aan ons gesê dat niemand die toekoms kan ingaan as hy nie sy verlede ken nie. Net so kan Affies die toekoms nie binnegaan nie as die leerlinge en personeel nie trots is op sy roemryke verlede en besonder tradisie nie. Ons het egter volle vertroue in ons juniors en is oortuig daarvan dat hulle gou tot die besef sal kom dat dit noodsaaklik is dat Affies sy tradisie en identiteit moet behou. Oor 'n paar jaar sal julle die leiding moet gee. Dis sal van julle afhang wat van die skool gaan word. Onthou: doen altyd alles in belang van Affies en as julle 'n fout begaan het stel dit dadelik reg al kos dit wat.

STEPHEN DE LA HARPE
REDAKTEUR

"SEEP" JOU SEEP

Geagte Redakteur,

Ek wil graag antwoord op 'n brief wat deur "Seep" geskryf is nl. "Kom by matrieks" in die STROOM-OP April 1975. Dit was vir my 'n teleurstelling om op die brief af te kom maar ek besef egter dat die tyd toe die matrieks minderwaardige kritiek gespaar is, vir altyd verby is. Elke Jan rap en sy maat kan nou 'n eiertjie lê en boonop vanuit slegs sy eie oogpunt. Dit is reg so, maar dan moet daar eers seker gemaak word van die feite, dinge moet nie somer uit die lug gegryp word nie.

Ek wonder of die Engelse debat waarna "Seep" verwys die EERSTE Engelse debat was, want ek was ook toevallig daar en dit was beslis nie die matrieks wat hul wangedra het nie! Daarvoor is ons al te lank op Affies! Wat dié kreet betref: Intendeel, dit is juis die matrieks wat die voortou neem. Waar "Seep" aan sy stelling kom weet nugter! Dink 'n mens aan die rugbywedstryde kook jou bloed want wie behalwe die matrieks moedig aan? Nee wat "Seep" jou stellings is nie gefundeer nie. Begin maar by jousef en ruk jou reg. Neem byvoorbeeld die wedstryd van die onnies teen Volkskas. Van die toeskouers wat nie in die koshuis was nie, was 99,9% matrieks. Dieselfde geld vir die wedstryde van die matrieks. Ondersteun jy net jou eie stander? Met die laaste geesvang kort voor die eksamen, wie, was negatief? Beslis nie die matrieks nie! Nee wat ou maat vee maar gerus eers voor jou eie deur. Miskien dink jy al te veel en te gou aan die voorbeeld wat jy gaan stel as jy in matriek kom. Kom terug aarde toe "Seep". Jou beurt sal nog kom. Intussen moet jy maar by kom sodat jy wanneer die tyd daar is, op POSITIEWE wyse 'n "ou man" kan wees.

'N POSITIEWE SENIOR

LEER SPEL

Die Redakteur,

Ons is 'n Afrikaanse skool. Ons is dié Afrikaanse Hoër Seunskool. Kan u dan vir my sê waarom op ons trotse ererol van Springbokke in die ingangsportaal van die saal gesê word dat Andries Oosthuizen sy

Springbokleure in "Golf" verwerf het? Wanneer ons kyk na die Groot Woordeboek van Kritzinger e.a. en na die Beknopte Verklarende Woordeboek van Kritzinger sien ons duidelik dat die Afrikaanse spelling "gholf" is. Hoe kan die Afrikaanse Hoër Seunskool so 'n gruwelike spelout begaan? Wat moet die indruk van besoekers wees as ons nie eens korrek op 'n ererol kan spel nie. Ek vertrou dat daar iets omtrent hierdie saak gedoen sal word.

MARTHINUS VAN NIEKERK

SNOEPIES MOET DE-SENTRALISEER

Geagte Redaksie,

Wie ken nie die waarde van die Snoepies nie? Maar wie ken ook nie die ewige toestaan, dikwels tevergeefs, vir 'n koudingetjie nie! Talle kere moes ek afgehaal omdraai as die klok lui en met 'n bietjie kraanwater die hongerkol probeer afsluk.

Die snoepwinkel het in 1974 met 'n omset van R9 529,40 'n wins van R2 634,84 getoon. 'n Merkwaardige prestasie inderdaad en 'n bate vir Affies.

Nou wonder ek net of ons nie 'n plan kan bedink om hierdie vermorsing van kosbare pouses te bekamp nie. Nie dat ons nie die hoogste lof en waardering vir mevrou Du Toit en haar helpers het nie. Ons is baie dank aan hulle verskuldig vir hulle opofferinge. Hulle versterk immers die innerlike Affie sodat hy darem die res van die dag kan voortbeur! Dis net dat dit myns insiens onmoontlik is om in 'n bestek van tien of twintig minute etgoed, om 'n duisend mae se hongerpyn te stil, deur 'n venster met 'n deursnee van ongeveer twee meter doeltreffend te bedien.

Kan die aartappelskyfies, koeldrank, melk en vleispasteitjies nie miskien buite by verskillende punte verkoop word nie? Die tydskakel word en die Snoepies sal nog groter winste afwerp!

9A

Het jy ooit aan die praktiese implikasies hiervan gedink? Dit sal baie organisasie verg en die winste sal seer sekerlik nie soveel styg om dit die moeite werd te maak nie — Red.

ons netbal triomfeer



Leonie Gouws en Hester du Pisanie is albei tot die Noord-Transvaalse skolenetbalspan verkies.

Ons netbalseisoen van hierdie jaar sal eerskomende Saterdag sekerlik op 'n hoë noot afgesluit word (die 26ste Julie) wanneer van ons spanne aan die netbalfinales sal deelneem in Brits. Ons wens almal alle voorspoed (veral spoed en spierkrag) toe met die wedstryde.

GOEIE GEES

Dit is nie net die einde wat ons sal onthou nie. Daar was telkens 'n hele paar hoogtepunte met die speel van talle wedstryde. Die gees wat deurentyd gehandhaaf is, was voortreflik bv. met die uittog na Bronkhorstspuit is daar met die minimum spasie in ons vervoermiddel heen-en-terug kleingeld gemaak en ons moes goed styfsit. Daar was 'n goeie gees tussen die Affies en die onnies. Hiervoor sê ons baie, baie dankie.

Die ander wedstryde is almal hier in ons eie geweste beslis. Met sommige het dit minder goed gegaan as met ander. Ten spyte hiervan, het ons nog nie gaan lê nie en het twaalf spanne deurgedring tot die semi-finale ronde. Dit is 'n hoë onderskeiding vir ons netbalklub.

DANKIE

Ook wil ek die verskeie afrigsters van die spanne bedank vir al hulle moed, geduld en vriendelikheid langs die bane. Ons waardeer dit baie. Dit was nie altyd lekker nie aangesien dit baie maal net stofwolke was en ons maar net moes oë toekny. Baie dankie ook aan juffrou Steyn wat aan die hoof van alle reëlings staan.

Dan wil ek ook vir Susan de Bruin, ons senior A en B spanne se afrigster 'n spesiale groot dankie rig. Ons weet sy het 'n duisend-en-een dinge om aan aandag te gee, aangesien sy self ook 'n Noord-Transvaalspeelster

is. Dankie Susan — jy is nog nuut hier by ons, maar jy het alreeds diep spore langs ons bane getrap. Ons bedank haar ook vir die verskeie geleenthede wat sy ons gebied het om goeie ondervinding en oefening te kry, deur bv. teen Harliquins se eerste span 'n paar oefeninge in te kry. Dit het ons letterlik laat sweet en blaas soos seekoeie, maar nogtans is dit iets wat ons nie sal vergeet nie. Baie dankie.

MNR. SWANEPOEL

Dan wil ek ook vir mnr. Swanepoel bedank vir die versorging van ons bane. Dit is voorwaar 'n plesier om op sulke goed versorgde bane 'n oefening of wedstryd aan te pak. Ook bedank ons hom en sy vrou vir hulle ondersteuning by wedstryde.

GELUK

Dan wil ons ook vir Leonie Gous en Hester du Pisanie geluk wens met hul verkiesing tot die Noord-Transvaalse skolenetbalspan. Mooi so julle! Ons is trots op julle.

Dan sê ek ook net dankie aan elke speelster wat haar deeltjie bygedra het tot 'n goeie spangees. Daar lê baie van ons sweet tussen die stof op die bane, maar nogtans was dit die moeite werd.

Baie dankie julle!

LOUISE DE BRUIN
(Netbalkapteine)

Affies Word 'n Tweede Sterland

Affies kry uiteindelik 'n wyedoekskerm! Nou kan ons tog die hele fliëk sien!

Hierdie is 'n geweldige verbetering op die agterste muur van die verhoog wat tot dusver as skerm moes dien. Dit het veroorsaak dat films nie 'wyd' en met groot, helder beelde vertoon kon word nie. Met die skerm wat reg agter die gordyne aangebring word en wat nogal boonop 'n wyedoekskerm is gaan

ons net soos in 'n tweede Sterland fliëk!

Al wat nou nog miskien verbeter kan word is die klank van ons films. Op die oomblik is die klank nie waffers nie en moet 'n mens baie mooi luister as 'n mens in die heel agterste rye van die gehooraal sit (of luister dié wat daar sit nie eintlik na die film nie?!).

ons net soos in 'n tweede Sterland fliëk!

Ons sê baie dankie vir die geweldige verbetering wat aangebring word wat fliëk nou soveel lekkerder gaan maak.

Die lekkerste nog is dat hierdie skerm op die laaste dag IN SKOOLTYD ingewy was!

H.D.W.

HELP TOG ASB.

Liewe Redaktrise,

Ek is nogal mooi, maar ek ken geen Affie-ouens nie. Ek wil vreeslik graag van daardie oulike outjies ontmoet, want ek het 'n metgesel vir die matriekafskeid nodig. Ek sal my self aan tannie beskryf.

Ek het roes-rooi hare soos 'n mango, maar hulle is yl soos 'n braklandmielie se pitte. My gesig is vol vrattjies soos 'n verliefde vlakvark. My uitpeuloë lyk soos dié van 'n galsiek hoender of miskien soos 'n verkoue vlieg. My grassekel neus met neusgate soos treintonnels lyk oulik saam met my deurskynende ore soos 'n droogtekony (hulle is ongelukkig bak soos skottelploë). My yl tandjies soos 'n droë mielie-oes vorm 'n bekoorlike eenheid met my gekoekte ooghare soos taai koeksisters. Ek het 'n knopgorreltjie soos 'n broeis volstruis s'n, wat 'n skurwe stem soos 'n kaasrasper voortbring.

My nek is lank en slank soos die van 'n hansgrootgemaakte bosluis. Behalwe my gelaat is daar nog my vietse figuurtjie. Ek het 'n boggelrug soos 'n "concrete-mixer" en 'n hangmaag soos 'n vendusie-vark, uitstaan boude soos 'n matriekboeksak en weglê-tone soos die van 'n ieternagóg met 'n maagseer. My haxskene is soos 'n woestyndonkie s'n en my elmbœ soos die van 'n kameel.


Ek sal myself nie verder beskryf nie, want my ma het my geleer om nie alles van myself aan vreemde mense te vertel nie. Sal tannie my asseblief help om outjies te ontmoet. Miskien nog 'n "blind date"!

Ek sê baie dankie, sommer by voorbaat!


STOFFELINA DONKIEBROEK

Ons het jou baie indrukwekkende briefie geplaas en ons hoop dat die reaksie sommer verstommend sal wees — Red.


Woordspeling




Kar




Karring




Karkoer



Karsiek



Karos



MOOEE

SPREUKBUIS

SPREUKBUIS is 'n rubriek waarin skrywers slegs hulle eie menings en standpunte stel. Dit is nie noodwendig die standpunt wat die redaksie oor die betrokke saak huldig nie, en dien slegs as spreekbuis vir persone wat graag hulle mening oor enige saak wil gee.

Madrid jou wrede plek, jou bulle vrek!! Toledo! Sprokiesagtig met smal straatjies en El Creco en Velasques se meesterstukke hang aan jou mure! In Spanje koop jy met jou pasetas mooi toledowerk en 'n Spaanse pop en jy koop vir jou leerhandskoene en jy vertel vir die mense by die huis van die wit grond in Spanje en die mooi Spaanse danse wat jou voete onder jou laat kriebel.

Europa is panoramies, veelkleurig of sommer bont en al is die Europeers soms ongemanierd en voorbarig is jy nog mal oor hulle en hulle lande! Europa jy is bont met baie lande en baie dinge, maar tog in my gedagtes is jy 'n eenheid!

GEE MY . . .

Gee my die skool waar die paddas kwaak
waar die engeltjies waak
en die L.O. onnie ogies maak.

Gee my die skool waar 'n perd galop
waar die kieres stap
en die pistole klap.

Gee my die skool waar mens soppies drink
waar die varkies rinkink
en mens nog 'n halfpint brandy kan drink.

Dis die plek waar 'n ou wil gaan,
dis die plek waar Affies staan.

Saam met Lourens op Toer

• Gedurende die eerste vakansie van hierdie jaar het Lourens Jooste die voorreg gehad om 'n 4-weeklange toer deur Europa te onderneem. Hy het verskeie lande in Europa en ook Israel besoek. Hier volg sy indrukke van Europa:

Rome

Europa-toeriste, al byna is die twee woorde sinoniem! Sonder om jou, Europa, te na te kom gaan ek jou beskryf soos jy is. Griekeland Athene — stad van kontraste, hier ontmoet oud en nuut. Die Acropolis troon soos 'n wag bo die stad met sy 2½ miljoen inwoners uit en daar bo staan die Parthenon as bewys van die oue en hier onder lê die redelik moderne stad. Griekeland is nie Griekeland sonder die Griekse eilande nie; blou-blou waters skulp om sprokiesagtige Aegira en Hydra; winkeltjies koek soos swerms bye op die eiland saam en hoe verder jy beweeg hoe meer waarde kry jy vir jou dragma — of so wil dit voorkom, al wat egter skaars blyk te wees is koeldrank, daarvoor betaal jy in Afrikaanse sente gereken nie onder 40s nie. Griekeland dit wat ons van jou gesien het is goed vir die oog en die hart, maar nou ja die vlieg in die self is ook daar en jy weet dis jou ietwat lae sedelike moraal, Italië, o jou mooi plek, maar weë jou, lui en onge-organiseerde inwoners.

Rome is die tuiste van Pous Paulus, en is bekend as die Vatikaanstad waarin drie miljoen drie honderd inwoners werkskaf en staak soos hulle luskry. Rome wat sou jy wees sonder jou St Peters katedraal, sonder jou Trevi-fontein. In hierdie stad is eeue se kuns vasgelê. Barok en Rokokko, Helenistiese kuns, mosaïekwerke en tapisserieë, dit alles vorm 'n onafskeidelike rol van die stad Rome. Ai ek kan so baie sê oor die Pieta van Michelangelo, oor Raphael se skilderye, oor die Mosesbeeld, Benini se beeldhouwerk en argitektuur, maar die skone en verheer word soms onbeskryfbaar. Terug na die kontemporêre Rome, en hier ry jy in 'n bus waarvoor jy nie hoef te betaal as jy nie wil nie, en hier staak jy as jy wil staak! Jammer vir die gal in die wyn, maar nie eers die toeriste word in ag geneem nie, hotelwerkers staak links en regs en openlike protesoptogte is aan die orde

van die dag, bygesê as jy tienuur die arbeidsmark wil betree i.p.v. agtuur dan doen jy dit gerus! Kuns en Kultuurstad is hy gewis en miskien lei alle paaie tog na Rome!

Napels

Napels! In die twaalfde eeu voor Christus word Napels 'n Romeinse stad alhoewel die Grieke begin het om daaraan te bou! Napels is egter die sleutel tot die mees gewilde Capri en Somento. 'n Toeriste paradys sou die advertensie dit beskryf het nou ja ook nie ver van reg nie, pragtige blou medetireense waters nestel teen die walle van die eilande. Italië moeder natuur en vader kultuur was goed vir jou en boonop het jy Pizza heel dikwels op jou spyskaart, vir net 'n paar lire! Ek wil nog vertel van Amalfi en die Amalfikus en ruwe rotse en swart lawa stene van die berg Vesuvius in Pompeie en die colosseum in Rome maar my pen moet nog ver ry. Italië is ryk aan kultuurskatte net jammer politiese- en maatskaplike chaos is die slagkreet! Venesië! Nog deel van Italië, maar blyk meer georganiseerd te wees, minder lawaaierig as die mense op die vasteland van Italië. Gondel en Venesië . . . ja een woord, ag en wat van die gondolier wat maar te graag as minnesanger optree. Glasfabrieke is volop, lekkergoed winkeltjies ook, en hier koop jy vir 'n pennie en 'n bokokt die mooiste Cameo wat 'n vrouehart begeer! Moenie St Marcus Kerk vergeet as jy in Venesië kom nie en vergeet tog maar die ietwat vuil ou kanaal en die opringerige straatsmense!

Duitsland, Oostenryk, Switzerland . . . daar lê my hart begrawe (en ek moet darem weer terug gaan om blomme op my graf te gaan sit).

Duitsland jy is ongetwyfeld die kroon van jou Europese susters. Jou mense dink nog en hul beplan nog, al wil sedeloosheid jou ook soms vernietig! Al was dit deur 'n grys net van reën dat ek die eerste indrukke gekry het, was dit nogtans gunstig! Reeds 1700 jaar gelede het die Romeine die kultuur na Duitsland gebring, vandag is Munchen se operahuise sy Kastele en sy museums die klinklare bewysstukke van 'n baie hoë beskawingspeil. Elke stukkie grond word bewerk en vanaand haas die Duitsers hul na die Nasionale Operahuis, danksy die droomkoning van Bavaria. Duitsland sonder sy bier is nou weer die joernalis se eier-sonder-die-sout storie en vergeet tog nie die sprokiesagtige Oberammergau nie, want een uit die tien kom die wêreld om te sien hoe word die Passiespele gedoen. Ek wil nog vertel van Coethe en die Kochelsee, maar Londen, Lusern en Amsterdam wag nog op die koms van my pen.

Switzerland

Ek het die Alpe vir Switzerland gebêre wit en onbeskryflik mooi. Lusern laat my dink aan kantsakdoekies en mooi horlosies. Die Pilatusberg spreek vir haarself — fier en baie hoog

maar so mooi!

Ek haas my na Londen: Dit voel of ek tuis gekom het, maar dis London-brug, Big Ben die Toringbrug, Buckinghampaleis en Windsorkasteel wat my tot my sinne roep — dit is Londen! Met sy 10 miljoen inwoners bedags en snags sowat 7 miljoen na al die plattelanders weer teruggesypel het. Gaan kyk tog na die wisseling van die wag voor Buckinghampaleis en stop tog vir 'n minuut by Dickens se "Old curiosity shop" en ry verby Downingstraat 10 en vergeet tog nie Trafalgarplein en Westminsterabydrie. Loop tog 'n draai deur die Kensingtontuine en ry oor die Laanethbrug en koop vir jou aster 'n bottel reukwater wat spotgoedkoop is!

Amsterdam, Volendam en Keulen-sprokiesagtig Tulpe, duik weë, klompel, delft en baie water en windmeule!



"One more call and I won't have a leg to stand on."

BRIEWE (VERVOLG)

Die Redakteur,

Affies het altyd 'n beleid verkondig waarvolgens alle sporte ewe belangrik sou wees. Dit wil egter voorkom of die beleid gewysig is as daar gekyk word na die aandag wat daar aan een sport gegee word bo 'n ander sport.

By sekere sportsoorte wat nie baie aanskuulik is nie en ook nie baie deelnemers het nie word diegene wat genoeg belangstelling het om daaraan deel te neem, ontmoedig deur sekere onderwysers sodat hulle aan die betrokke sportsoort wat die onderwyser afrig kan deelneem. Daar word gesê dat erekleure wat in een sport verwerf word minder werd is as erekleure wat in 'n ander sportsoort verwerf is. Selfs die skool se enigste S.A. junior kampioen word gevra om aan rugby deel te neem ten koste van landloop. Dit wil voorkom asof daar nie omgesien word na die individu se belange nie.

Het die skool se sportbeleid verander of is dit nog dieselfde? As dit nog dieselfde is, het dit 'n groot klug geword en behoort daar iets aan gedoen te word.

ABEL DE KOCK

Geagte Redakteur,

Graag wil ek my skaar by Tradisie-bewus wat in die vorige Stroom-op 'n brief oor die ou sweetpakke geskryf het. Affies se identiteit moet te alle tye behou word. Deur weg te doen met die ou sweetpakke het ons iets verloor wat eie aan ons was. Ons is daardeur verarm. Waarom is daar oor so 'n belangrike saak so vinnig 'n besluit geneem en waarom is die leerlinge nie geken in hierdie saak nie. Die beheerraad het alles in hul vermoë gedoen om die gestrepte baadjies te behou — en dit reg gekry. Waarom was dit nie ook die geval met die sweetpakke nie. Keer asseblief terug na die ou sweetpakke. Dit sal deur al die seniors en baie oud-Affies verwelkom word. Geen probleem is nie oorkombaar nie.

Wat gaan dan gebeur as die mode weer verander? Keer asseblief dadelik terug na die oues!

IDENTITEIT-BEWUS

Daadwerklike stappe is reeds gedoen in 'n poging om terug te keer na die ou sweetpakke — Red.

Hierdie publikasie bring vir elkeen van ons wat belangstel in die onderrig en opvoeding van ons jeug 'n blye boodskap wat die verrigtinge van nog 'n jaar van ondernemings en prestasies van die skool weerspieël.

★ ★

Ons hier by Volkskas waardeer die geleentheid om aan die Hoof en sy personeel ons dank en waardering te betuig; ook vir die dinge wat hulle buite die bestek van hul amptelike pligte vir ons gemeenskap doen en waaraan ons al so gewoon is dat ons dit nie meer elke dag raaksien nie.

★ ★

In die sakewêreld waar ons jaarliks beginners benodig om later van die mees verantwoordelike poste te beklee, kan ons slegs voortbou op die fundamente wat in die skool gelê is. U skoliere van vandag is ons sakemense van môre.

VOLKSKAS BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)
Hoofkantoor: Pretoria

★ ★ ★

VIR DESKUNDIGE, FLINKE EN VRIENDELIKE
DIENS: KOM NA

BOET READ SPORT

VOLLEDIGE SPORTUITRUSTERS

TEL.: 3-1149
Pretorium-deurloop 11
PRETORIA

Landsdiens



Die son sak laer en laer in die Weste. Moeg vee ek die sweet van my kop af. 'n 'n Groot warmte kruip in my op en kom lê in my hart. Nog 'n dag is verby. 'n Dag van werk en sing. 'n Dag vol grappe, 'n interessante praatjie en kursusse.

Ek kyk na die tente en na die son, die bome, die gras en ja, die mense. Geluk straal uit hulle uit. Uit een van die tente klink 'n vrolike kitaarbegeleide liedjie op. 'n Rukkie later staan ek onder die stort en voel hoe die warm water strelend oor my moeë liggaam gly. My rug voel stram en styf. Ja, ons het vandag klippe in die berg gaan laai.

Na aandete en 'n skreusnaakse konsert, sing al 400 van ons héerlik saam. Die

maan kom op en strooi sy strale oor ons neer. Die lug is koel en vars en skielik dink ek met dankbaarheid aan wat hulle vir ons geleer het: liefde vir arbeid, vir jou medemens, jou bodem en jou Skepper.

Ons het 'n tafeltennisklub

"Knock, knock.
Who's there?
Ping.
Ping who?
Ping-pong."

Geen grap nie, ek weet, maar dalk trek dit julle aandag? Hoop so, want dis wat ek wil hê. Het julle geweet dat daar 'n tafeltennisklub by A.H.M. bestaan? Nie? Nou het julle die versekering — daar bestaan wel so iets. Dit kry nie groot aanhang nie, omdat die Affies blykbaar te besig is met al die ander sportsoorte om nog hul deeltjie hier ook by te dra.

Ons vra so min. Net twee ure per week. Ons oefen Dinsdae en Donderdae vanaf direk na skool tot om en by drie-uur. Is dit te veel gevra? Ons eis geen kampioene nie. Solank jy net 'n spaantjie kan vashou en die balletjie min of meer oor die net kan slaan. Maklik genoeg, nie waar nie?

Kom Affies, dis nooit te laat om te begin nie. Ons begin weer die eerste Donderdag van die derde trimester met oefening en hoop om 'n horde van julle daar te sien. Baie se hulp is nodig om 'n sterk span op te bou. Kom ondersteun ons en help so om ook in die komende jare die bestaan van 'n tafeltennisklub te verseker.

Ik heb gezegd!

KAPTEINE
ISABEL PORTER

MINIFLORA
vir
skeppings
mer
blomme
446593

Ons het saam gekamp, gewerk en gesing en ja, saam gehuil toe ons op die laaste aand gesing het:

Ek sal jou nooit, nooit, nooit,
nooit vergeet nie
Ek sal jou altyd, altyd onthou!

RIANA STEYNBERG 9C

Draf-Draf Kom ons Tweede



Elma Steyn, Nadya Marais, Tine Boot, Etresia Prinsloo en Ilse Evans is al vyf gekies om Noord-Transvaal te verteenwoordig.

Ai, dis lekker om 'n landloper te wees! In die oggende vroeg word die langpad vaak-vaak aangedurf maar die heerlike vars lug sorg gou daarvoor dat die lekker warm bed en slapende maats vergeete is.

Oefen

Wanneer die skoolklok lui is ons saam met die ander op ons pos, verfris deur die oefening.

In die middag word daar weer lekker saamgeoefen onder leiding van mnr. Vermeulen, ons afrigter, wat self 'n uithaler landloper is. Juffrou Van Rensburg het ons ook die afgelope seisoen baie gehelp.

Tweede

In die Noord-Transvaalse skolekampioenskappe het die 15 meisies tweede geëindig uit agt skole, kort op die hakke van ons geswore vyand, Menlopark. In die individuele afdeling het ons selfs nog beter gevaar en vyf Affies, Tine Boot, Elma Steyn, Etresia Prinsloo, Ilse Evans en Nadya Marais is gekies om die Noord-Transvaalse span op Stilfontein te verteenwoordig. Op 9 Augustus vind die Noord-Transvaal kampioenskappe plaas



Mev. De Vos, die energieke toerleidster.

Toer na Entabeni

Die April-vakansie het mev. De Vos, ons welbekende organiseerster van die Drakensbergtoere, met 'n groep van 15 dogters 'n toer onderneem na Entabeni op die grens van Vandaland. Die doel van die toer was om gronderosie te bestry en te help werk aan die netwerk wandelpaie wat Suid-Afrika gaan deurkruis.

Die groep het tuisgegaan in 'n gerestoreerde kliphuis, hoog op in die berge. Die kerse, koolstoot, kampvuur en aktiwiteite in die buitelug het 'n heerlike plaasatmosfeer geskep — die ideale vakansie vir stadsjapies.

WERK

Elke oggend vroeg het bosbouers hulle na 'n bepaalde terrein geneem. Gewapend met 'n graaf, pik of panga het almal dan begin bosse oopkap, afleislotte grawe en klipwalle pak. Baie ouers sou voorwaar nie hulle oë kon glo as hulle dié gewerskap kon sien nie!

Teen 14h00 se kant is daar halt geroep vir 'n welverdiende middagete en daarna is die terugtog aangepak. Dit was sowat twee en 'n half uur se stap berg-op, berg-af. Die ou kliphuis was vir dié moeë klomp 'n welkome gesig!

ONTSPANNING

'n Paar ysige poele in die klofie anderkant die huis was 'n heerlike lafenis. Dit was net 'n groot probleem om eers in die water te kom. Na so 'n bad het selfs die koel aandlug warm gevoel. Almal het eers begin ontdooi na 'n uur om die kampvuur!

Gedurende die middag is daar ook skyfgeskiet. Die wat meer in biologie belang gestel het, het die ruie bosse gefynkam — 'n ware paradys met boomvarings, bobbejaantou, swamme en

drosera plantjies. Daar was egter opvallend min voëls. Dit is te wyte aan die gesaag en verwydering van hout in die woud. Daar was egter genoeg spinnekoppe!

MEV. DE VOS BAIE ENERGIEK

Almal moes 'n fiksheidstoets aflê in die klipperige bergpas. Mev. De Vos het self, na die dag se harde werk die afstand van 2 km in 15 minute afgelê. Haar energie was net nimmereindigend.

UITSTAPPIES

Die groep het die Tshilidzini Sendingstasie besoek en het die geleentheid gehad om na die pragtige Bantoesang te luister. Die laaste dag het persone van die bosboustasie hulle deur die saagmeule geneem en hulle al die prosesse gewys wat hout deurgaang voordat dit bruikbare planke is.

Na so 'n heerlike week in die bosse was dit maar moeilik om afskeid te neem.

RIEKIE LOMBARD ST. 10

Met komplimente van

Robert Koch Aptek

Vir vriendelike en flinke diens

* * * * *

Pretoriusstraat
Robert Koch-gebou

Tel.: 3-3880

SUPERTRAMP JEAN'S BAR:
(Lynnwoodrifsentrum) Verkopers van
Tienerdrag in die nuutste modes. Make
soos die volgende word verkoop:

Gap; Wevi; Lee; Teeny-Tages; Rammles;
Ego Creations.

Groot voorrade van klinknaelbroeke;
langbroeke, "tops"; baadjies ens.

Al's volgens die nuutste modes!! Skoliere
en studente kry spesiale verlaagde
afslag!!!!

Kom besoek ons gerus!!

Tel: 47-1280

waar 'n span vir die S.A. kampioenskappe gekies sal word. Dit is natuurlik elke landloper se grootste ideaal om by hierdie span ingesluit te wees, veral omdat die kampioenskappe vanjaar in Oos-Londen gehou word.

Kampe

Met die landloopkampe te Pelgrimsrus en met die Drakensberge nog vars in die geheue, sien ons alweer uit na die kamp van hierdie vakansie in die Wolkberge. Slegs diegene wat dié kampe bygewoon het besef watter geweldige invloed dit op die kameraadskap van die landloopspan het. Dit is dus geen wonder dat die landloopspan hierdie seisoen meer provinsiale verteenwoordigers as enige ander sportspan in Affies opgelewer het nie.

Mooi so, landlopers. Ons sien julle wen!

ETRESIA PRINSLOO.

Sportman van die Termyn

Johannes Kriek is op 5 April 1958 op 'n klein dorpie sonder 'n tennisbaan, Nongoma, in Natal gebore. Sy ouers woon tans op Pongola waar sy vader met suiker boer. Johan ontvang sy laerskool opleiding op Pongola.

Gelukkig besluit hy om sy hoërskool jare op Affies deur te bring en kom hy aan die begin van 1972 na die koshuis. Aan die einde van dieselfde jaar maak hy reeds naam vir hom toe hy en Ian Duvenhage aan die Appletizer Bowl kompetisie te Rondebosch in die Kaap deelneem. Hy en Ian verloor in die semi-finaal teen die uiteindelijke winners van die kompetisie.

Johan behaal in 1973 die besondere onderskeiding om as standerd sewe leerling gekies te word om die eerste tennisspan van die skool te verteenwoordig. Die eerste span speel hierdie jaar vir die eerste keer vir die tennis administrateursbeker. Hulle wen die Noord-Transvaalse afdeling maar verloor ongelukkig teen Northview van Johannesburg. Dieselfde jaar verower hy ook vir die eerste keer Noord-Transvaalse kleure. Hy speel as agste gekeurde in die Kaap tydens die junior Suid-Afrikaanse kampioenskappe. Johan verloor tydens hierdie kompetisie teen die uiteindelijke wenner Johnny Eagleton. Johan is na hierdie kampioenskappe as een van die agt beste junior spelers in die land gereken. Plaaslik wen Johan egter die enkelspel titel vir seuns O/14 tydens die Noord-Transvaalse kampioenskappe.

Tydens standerd agt behaal Johan 'n uitsonderlike prestasie toe hy deel uitmaak van die eerste-span wat vir die eerste keer in die geskiedenis van die Afrikaanse Hoër Seunskool die Administrateursbeker vir tennis verower. Dieselfde jaar speel hy in die Wes-Transvaalse junior kampioenskappe. Hier het hy hom skitterend van sy taak gekwyd en behaal dan ook die driekuns deur die enkelspel, dubbelspel en gemengde dubbelspel titel in te palm. In die Noord-Transvaalse junior kampioenskappe O/16 verloor hy in die finaal teen Paul Avis. Hy en David Creighton wen egter die dubbelspel. Later die jaar speel Johan in die Suid-Transvaalse kampioenskappe in die O/16 afdeling. Hy palm die enkelspel titel in deur met 6-4, 6-2 teen Rory Chappel te wen. In 1974 speel Johan ook in sy eerste senior toernooi n.l. die Laeveld Ope. Hier verower hy die mans enkelspel titel deur met Tjaard du Plessis af te reken.

Desember 1974 speel Johan in die Suiker-reeks in Durban. Hy verloor in die derde rondte teen die 9de gekeurde Tony Fawcett van Rhodesië 2-6, 6-2- 9-11. Op

hierdie stadium het Johan reeds sewe wedstrydpunte gehad. Johan beskou hierdie wedstryd as die heel beste wat hy tot dusver gespeel het. Hy word weer gekies vir die Noord-Transvaalse span maar moes hom weens siekte onttrek.


Saam met die res van ons eerste span wat dan ook die Noord-Transvaalse tennisspan gevorm het, het Johan aan die begin van die jaar teen die Wes-Duitse toerspan gespeel. Hy het teen hulle nommer twee gekeurde speler 6-3, 6-3, verloor. In 1975 behaal Johan weer eens die driekuns tydens die West-Transvaalse junior kampioenskappe in die O/18 afdeling. 'n Week later speel hy in die Noord-Transvaalse kampeioenskappe in die O/18 afdeling en plam die enkelspel titel in. In die proses reken hy af met Lucjan Sosnowski en in die finaal wen hy met 7-5, 7-6 teen Paul Avis.

In 1975 is Johan vir die derde agtereenvolgende jaar vir die Noord-Transvaalse junior tennisspan gekies. In die nasionale kampioenskappe te

Ellispark (waar hy tweede gekeur was) verloor hy 9-7, 6-3 teen Lucjan Sosnowski. In die finaal speel Sosnowski teen Avis wat eerste gekeur was en klop hom 8-6, 6-1. Johan en sy spanmaat Jan Wium verloor die dubbelspel in die finaal. Johan en sy spanmaat Marise Kruger wen egter die gemengde dubbelspel titel om sodoende die nasionale kampioene in die gemengde dubbelspel afdeling te word.

Alhoewel Johan dit nie as verskoning voorhou nie is dit tog bekend dat hy tydens die nasionale kampioenskappe 'n aanval van griep gehad het. Dit is miskien die rede waarom hy nie so goed gevaar het as vroeër die jaar nie.

Johan is van plan om na hy matriek geskryf het oorsee te gaan om daar meer ondervinding (op tennisgebied) hopelik te gaan opdoen. Ons wens hierdie tennisster alles van die beste toe vir die toekoms en sien met groot verwagting uit na volgende jaar. Ons sal jou loopbaan in die toekoms met belangstelling volg.





Johan Kriek — verwoede tier van die tennisbaan.



HOËRSKOO - JARE

NOU

VIR WATTER SOORT PERD IS JY DIE BANGSTE?



'N PERDEBY!



Rugby Kom Tot Sy Reg

1975 was wat rugby betref ook 'n goeie jaar. Die eerste en ander spanne het rugby uit die boonste rakke gespeel. Behalwe vir 'n paar glipse het hulle die rugby-tradisie laat voortleef.


Oor die eerste span is baie gesê. Aan die begin van die jaar het individue, asook die pers, swartgallige voorspellings en uitlatings gemaak en ons senior rugby verdoem. Met die proewe het ons keurders besef dat daar wel potensiaal is, wat met die regte afrigting en afronding tot iets kon ontluik. So het mnre. Dirk de Vos en Piet Knipe dit op hulle geneem om die manne reg

te kry. Sederdien het die eerste- en tweede-span die genot gesmaak om deur hulle afgerig te word.

Aan die begin van die seisoen het die rugby tot sy reg gekom. Nie net oorwinnings nie, maar ook net-net verloor soos teen Tom Naude, 4-0, het die manne aangespoor. Na die geslaagde toer het die eerste span se rugby 'n insinking beleef, veral wat liga-wedstryde betref. Teen John Vorster is weer die eerste werklik goeie wedstryd gespeel. Die eendrag en spangees wat hier bewerkstellig is, veral deur die kaptein Sarel Bekker, het tot 'n reeks indrukwekkende oorwinnings gelei en manjifieke rugby is gespeel. Teen C. R. Swart het die jaar se rugby 'n hoogtepunte bereik toe teen alle verwagting en voorspellings in ons die baie sterk span van C. R. Swart met 11 teen 10 punte klop. Dit was weerwraak vir die wedstryd wat ons verlede jaar met 18 punte teen 17 verloor het en so van die administrateursbeker beroof is.

Ook by die Noord-Transvaalse proewe het dit goed gegaan. Vier Affies is in die span ingesluit. In die A-span was een Affie n.l. Sarel Bekker, hy is ongelukkig ernstig beseer en sy plek is deur nog 'n Affie, Pieter Pike, ingeneem. In die B-span is twee Affies n.l. Herman Kleynhans en Chris du Plessis.

Die driedruk kompetisie lê nog voor. Ons wens ons senior rugbyspelers alle sterkte toe vir hierdie kompetisie. Hou Affies se naam ook daar hoog.



Jan Marais in aksie. Foto — H. en S. Brönn


Hoofman Toer Oorsee

'n Besondere groot eer het ons hoofseun Jan Marais, te beurt geval. Hy is naamlik gekies vir die Suid-Afrikaanse Atletiekafrigtersunie wat uit ses atlete bestaan.

Op 30 Julie het hy, een ander seun en vier meisies na Europa vertrek vir 'n maandlange toer. Daar gaan hulle sekere atletiekkursusse en groot byeenkomste by woon. Hulle sal onder andere die Britse Ope kampioenskappe en die Duitse kampioenskappe bywoon. Die hoogtepunt sal egter die Europese Junior Kampioenskappe in Rome wees. Die groep atlete keer die 25ste Augustus terug. Baie geluk met hierdie uitmuntende prestasie Jan. Dra nie net die beeld van Affies nie, maar ook die van Suid-Afrika uit.

- Reistasse (groot verskeidenheid)
- Reissakke
- Inkopiesakke
- Sake-tassies
- Akte-tassies
- Grimeertassies
- Oornag-tassies
- Dames-mode-handsakke

PRETORIA SE IN-DIE-KOL REISTASSPESIALISTE



LUGGAGEWORLD

Leweransiers vir alle koopverenigings

KOEDOE DEURLOOP, PRETORIUS STRAAT 234, TEL. 3-3476

TELEFOON: 2-0884
Tel. Ad.: GUNFIRE



POSBUS 102
310 KERKSTR.-OOS

GROENEVELD EN HICKS
(EDMS.) BPK.

HANDELAARS IN WAPENS, AMMUNISIE EN VISGEREEDSKAP

IS VISVANG EN SKIET U LEWE?
KOM DAN NA GROENEVELD EN HICKS (EDMS.) BPK. VIR DESKUNDIGE FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS TEN ALLE TYE.

ONS SPESIALISEER IN:

- NUUTSTE GEWERE EN AMMUNISIE
- VISGEREI VIR DIE KIESKEURIGE HENGELAAR
- EN REPARASIES WAT DEUR DESKUNDIGES WAARGE-NEEM WORD.

AS U 'N BUITELUG MAN IS HOU ONS DAN IN GEDAGTE

MATRIEKSPAN:

SO WORD**RUGBY****MOS****GESPEEL**

Matriekspan — Helde na nog 'n oorwinning. Foto — H. en S. Brönn.

Aan die begin van die rugby seisoen het daar onder die bekwame leiding van Thys Odendaal 'n besondere rugbyspan tot stand gekom. Hierdie span bestaan slegs uit matrieks wat om verskeie redes nie vir die oop spanne kon speel nie.

1e WEDSTRYD

Die Vrydag voor die eerste wedstryd is die span inderhaas bymekaar gebring sodat die manne hulle rugby voete kon vind. Onder die bekwame leiding van 'n paar eerste span bulle soos ons geëerde kapteins Sarel Bekker en Pieter Pike asook Tande, Troskie en Wiele het die span gou in 'n gedugte (berugte) eenheid ontwikkel. Na die eerste oefening is besluit om in die vervolg net gedurende wedstryde te oefen. Addisionele oefening is gans te uitputtend.

GOEIE GEES

'n Besondere goeie gees heers onder die spelers. Hulle is ook altyd baie gewillig. Dit is net die teenstanders wat nie altyd gewillig is nie. So wou ons byvoorbeeld teen C. R. Swart sonder 'n skeidsregter speel. Hulle het egter geweier. Gelukkig was mnr. Van Schalkwyk in die nabyheid en hy het ingewillig om hierdie netelige situasie op te los.

Graag wil ons ook dan vir mnr. Van Schalkwyk bedank vir sy geblasery (tipies van 'n onfikse landloper). Sy hantering van die wedstryde is werklik iets besonder. Hy weet gelukkig wanneer om waar te kyk en wanneer om glad nie te kyk nie. Volgens sy geblaas begaan ons dan ook baie min foute — die teenstanders egter word gereeld op hul foute gewys.

TEXAN-TEAM

Daar moet glad nie gedink word dat hierdie span 'n sogenaamde "Texan-team" is nie. Twee voormalige matriekspan spelers, Ivan Maletta en Hennie van Schalkwyk het so gedink — Hulle is dan ook summier na die derde en vierde spanne "gedrop".

Die oorwinnings wat tot dusver behaal is kan grootendeels toegeskryf word aan die goeie spel van die voorspelers. Hierdie harde en gebreide agttal klim altyd verwoed en genadeloos in — veral as hulle teen 'n gelaide span van Menlopark speel. Veral Menlopark wat die harde kontak rugby nie kon vat nie het ons van

vuilspel beskuldig. Veral Victor Verster is telkens gewaarsku, maar gelukkig het dit nie sy spel beïnvloed nie. Die rede waarom die hele span nommer tiens op die rug dra moet miskien hierin gesoek word. Hierdie slim taktiek verseker dat niemand "gemerk" kan word nie.

UITBLINKERS

Om uitblinkers uit te sonder is nie moeilik nie. Daai nommer tien het nog elke wedstryd uitgeblink. Tog moet sekere nommer tiens spesiaal vermeld word. Ons kaptein en baas drie drukker Thys Odendaal het reeds agt drieë op sy kerfstok. Losskakel Japie Heyberg kan na vier wedstryde reeds sewe- en dertig punte agter sy naam skryf.

KRITIEK

Mens moet nie altyd net die beste in 'n span raaksien nie, want dan sê almal jy is partydig. Om die balans te hou moet ons ook 'n bietjie kritiek teen die span inbring. Bo-aan die lys staan die hanteerwerk van die agterspelers. Veral Loal Prins maak hom hieraan skuldig. As jy nie die bal in sy hande sit nie weier hy om aan dit te raak. Maar boeta as hy eers die bal het en hy begin hardloop kan niemand hom keer nie. Tweedens is almal nie so fiks as Bun Heinen nie. Hy het aan sy medespelers 'n goeie voorbeeld gestel deur twee wedstryde direk na mekaar te speel. 'n Saak wat ook dringend aandag moet geniet is die skrumwerk van die agterspelers en die verdediging van die vaste voorspelers. Verder kan daar nie eintlik kritiek teen die span ingebring word nie.

REKORD

Die matriekspan het tot dusver 'n trotse rekord opgebou. In vier wedstryde het ons al 85 punte opgestapel en daar is slegs 14 punte teen ons aangeteken. Slegs twee drieë is teen ons gedruk terwyl ons reeds 16 drieë gedruk het.

Die sukses van die matriekspan kan toegeskryf word aan die goeie gees wat daar tussen die manne heers. Die goeie afrigters het ook 'n belangrike aandeel aan ons oorwinnings. Die aanmoediging en raad van die kantlyn af het ook 'n baie belangrike rol gespeel en in baie gevalle die deurslag gegee. Ons wil die vertrouwe uitspraak dat daar volgende jaar weer 'n matriekspan saamgestel sal word. Mag die span net soveel sukses behaal as sy voorganger.

PIETER VISSER

DIT KAN GEDOEN WORD

Frieda Freyer, onder-kapteine van die Noord-Transvaalse hokkiespan.

Frieda Freyer het vir die tweede opeenvolgende jaar haar N.TVL. kleure met hokkie verwerf. Die klein witkop het vir niemand teruggestaan in die doelhokkie nie en is ook tot vise-kapteine van die span verkies.

Die toernooi het vanjaar op Wellington plaasgevind. Dit was maar redelik nat daar na swaar reënneerslae en hulle het dikwels meer met modder as die bal gespeel.

Hulle onderneem ook interessante uitstappies en besoek o.a. 'n wynplaas naby Paarl.

Op 'n vraag of sy dit geniet het het Frieda geantwoord: "O ja natuurlik! Dit was net 'n groot ontnugtering om Maandag die eksamenkamer in te stap — na so 'n heerlike week!"

Daar was groot konsternasie toe aangekondig is dat die Provinsiale hokkietoernooi gedurende die rekordeksamen van A.H.M. sou plaasvind. Noodgedwonge moes die eksamen uitgestel word sodat Frieda kon deelneem aan die toernooi. Meninge matrieks het 'n sug van verligting geslaak!

Ondersteun**ons****Adverteerders****Balslaners**

Die afgelope termyn het die tennis steeds van krag tot krag gegaan. Die spanne het puik tennis gespeel en verskeie goeie prestasies is gelewer.

Die eerste span het sy afdeling gewen en die tweede span wen ook alle ander spanne behalwe ons eie eerste span. Die diepte van ons tennis is bewys toe die tweede span die eerste span in die finale van die Noord-Transvaalse Hoërskooltenniskampioenskappe gewen het. Dit is die eerste keer in die geskiedenis dat twee spanne van dieselfde skool die eindronde in die betrokke kompetisie bereik.

In besonder wil ons ook die volgende persone gelukwens wat aan die Suid-Afrikaanse interprovinsiale toernooi deelgeneem het. Johan Kriek en Pieter Smit wat Noord-Transvaal, Johan du Toit wat die Oostelike provinsie en Ian Duvenhage wat Griekwas verteenwoordig het.

Ons wens ons tennisspanne alle sterkte toe met die gemengede ligas, Appletizer en Administrateursbeker-wedstryde wat voorlê.

PEN EN PENCIL* * *
SKRYFBEHOEFTE**EN****GESKENKE*** * *
**SANLAM WINKELSENTRUM
LYNNWOOD MANOR*** * *
TEL. 47-2936 PRETORIA TEL. 47-2936